
# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

3 Maart 1989 | Tel: (011) 836-7236 | Prys R1,20 (R1,07 + 13c AVB)

**Nuwe, ernstige aanklagte teen Winnie Mandela — en 'n seun praat oor sy generaal-maatjie**

8 & 9



# Paleisrevolusie!

'N VOLBLOED-PALEIS-REVOLUSIE broei teen Staatspresident PW Botha en kan nou enige dag uitbreek.

Max du Preez en Jacques Pauw

Senior NP-bronne het gister te kenne gegee dat die party Botha gaan probeer dwing om te loop as hy nie binne enkele dae self sy uittree-planne aankondig nie. Sy ses weke om te herstel van sy nie-so-ligte beroerte is dié week om.

'n Afvaardiging van 'n groepie "wyse ou manne" wat ná aan Botha is, soos Piet Cillié van Nasionale Pers en Kerneels Human van Federale Volksbeleggings, het reeds namens die party by Botha gaan aandring dat hy loop, maar dit was vergeefs. Nog so 'n ontmoeting word glo nou beplan.

Dié groepie word in die party selfs met die "Mandela Krisiskomitee" vergelyk wat deur die UDF en Cosatu aangestel is om die geval Winnie Mandela te hanteer. Soos Winnie vir die UDF en ANC, het Botha nou 'n yslike verleentheid vir Nasionaliste geword.

Die magteloosheid draai rondom die feit dat daar geen wetlike manier is om van Botha ontslae te raak nie. Hy kan net gedwing word om uit te tree indien hy geestesversteurd of bankrot verklaar word of 'n kriminele oortreding begaan. Volgens die grondwet kan Botha nog dertien maande lank as Staatspresident aanbly.

Nasionale Party LP's is op alle fronte besig om steun te werf en maniere te soek om van die president ontslae te raak. Die naam van dr Jannie Roux, direkteur-generaal in die Kantoor van die Staatspresident, word toenemend genoem as dié man wat Botha sou kon oorreed om uit te tree.


Dit is nou ook nie meer net die party wat PW wil uit hê nie, maar ook die veiligheids-establishment - Botha se eie skepsel.

Daar word ook nou bespiegel dat as pogings misluk om Botha om te praat, die koerante van die Nasionale Pers gebruik sal word - veral die Kaapse mondstuk, Die Burger.

Beeld, oor die jare heen een van Botha se getrouste ondersteuners,


*Na bladsy 2*

## Wit op wit geweld by FW op Nigel



'n KP-ondersteuner word hardhandig op die vloer neergegooi en geskop deur Nasionaliste op Nigel *Foto: Elsabé Wessels*

## . . . en wit op swart in Carletonville



'n Wit inwoner van Carletonville gaan 'n swartman te lyf nadat hy Woensdag probeer het om 'n openbare telefoon te gebruik *Foto: Reuters*

**Die astrantste witman in Mayfair-Wes — 5**

# Paleisrevolusie!

*Van bladsy 1*

het gister reeds gekla dat die land nie regtig weet hoe siek Botha is nie: "Dit help nie dat verklarings een indruk wek en televisiebeeld 'n ander nie."

Beeld skryf ook: "Geen party of land mag te afhanklik van 'n enkele leier word nie."

Onder Nasionale Party-LP's is daar 'n groeiende gevoel dat die koukus standpunt oor Botha se posisie moet inneem en 'n beroep op hom moet doen om die tuig neer te lê en FW de Klerk die kans te gee om met hervorming voort te gaan.

Harde woorde en sterk taal word nou algemeen onder LP's gebruik wanneer hulle oor Botha praat, en daar word nie meer probeer om dit weg te steek nie.

Die gevoel onder Kabinetslede en LP's is vandeesweek deur oud-minister Hendrik Schoeman weerspieël toe hy op 'n vergadering van De Klerk in Nigel gesê het: "Suid-Afrika wil minister De Klerk as Staatspresident hê!"

In 'n onderhoud vandeesweek met Radio 702 het Schoeman gesê dat Botha 'n goeie man is, maar dat Suid-Afrika nou wil hê 'n jong man moet die leisels oorneem.

Dat daar 'n nuwe "hervormingsgees" in die Nasionale Party is wat deur De Klerk aangevuur word, dra ook by tot die woede en frustrasie.

'n Hoë Nasionalis het hierdie week aan Vrye Weekblad gesê: "Met PW in die siekbed was daar skielik weer suurstof in die Parlement. Nou het alles skielik verander en is daar openlike woede onder LP's oor sy terugkeer. Die moontlikheid is glad nie uitgesluit dat 'n mosie by die koukus ingedien kan word om PW te vra om vir FW terug te staan nie."

## Sterk uitgespreek

Ná aanvanklike terughoudendheid het De Klerk die laaste paar dae homself glo sterk uitgespreek oor Botha se onwilligheid om te loop. Tot gister (Donderdag) het hy Botha nog net een keer sedert sy verkiesing as nuwe hoofleier gesien.

Uiteindelik, glo party LP's, sal dit hy moet wees wat namens die NP by Botha moet instap en sê: Ons eis jy moet loop.

Tien jaar gelede het Botha net só by John Vorster se kantoor ingestap en gesê die kabinet gee hom 24 uur om te bedank.

Die vrees bestaan onder Nasionaliste dat Botha die nuwe hervormingsgees kan vernietig en die goeie werk van die afgelope maand se Parlementsitting ongedaan maak. De Klerk is glo veral besorgd oor 'n komende algemene verkiesing onder die huidige omstandighede, want die KP het die sterkste in sy provinsie, Transvaal, gegroei.

Dit is ook bekend dat 'n groep verligte Kabinetslede vandeesweek informeel vergader het waar die dilemma bespreek is. Die gevoel in die Nasionale Party is om so vinnig as moontlik met 'n nuwe hervormingsagenda na die kiesers te gaan.

Daar is selfs steun in die hoogste kringe dat die noodmaatreëls geleidelik afgeskaf moet word.

Met Botha terug, sal dit onmoontlik wees.

De Klerk weet duidelik self nie presies wat sy posisie tans is nie. Dit is opmerklik dat hy by vandeesweek se vergadering nie 'n woord oor sy status gerep het of selfs die Staatspresident 'n spoedige herstel toegewens het nie.

Hy het in 'n huldeblyk aan die leiers van die Nasionale Party gesê: "Genl Hertzog, dr Malan, adv Strijdom, dr Verwoerd, adv John Vorster, mnr PW Botha - almal leiers van formaat; elkeen 'n ware man in sy eie reg; almal saamgebind deur een ideaal, Suid-Afrika eerste! In beskeidenheid aanvaar ek die roeping om hulle werk voort te sit."

# Slim Stoffel se diep wysheid

**Jacques Pauw**

DIE Regering kan nie nou diskriminerende wette eensklaps afskaf nie omdat die gevaar bestaan dat mense gaan rondhardloop en mekaar doodmaak, het die Minister van Inligting, dr Stoffel van der Merwe, verlede week in 'n radioprogram aan 'n swartman gesê.

Van der Merwe het in die program Newstalk van Radio 702 ook gesê as verskillende parlementshuise vir Afrikaners en Engelse in 1910 ingestel kon gewees het, baie bitterheid en konflik tussen dié twee groepe vermy kon gewees het.

"Ons het (die huidige parlementstelsel) nou al vir so baie jare en of dit nou nog verander kan word, is 'n ander storie," het Van der Merwe gesê.

'n Swartman genaamd Thabo het tydens die nuusprogram ingeskakel en vir Van der Merwe gevra hoekom die Regering nie alle diskriminerende wette onmiddellik kan afskaf nie. Hy het gesê siende dat sulke wetgewing oornag tot stand gekom het, dit ook oornag afgeskaf moet word.

Van der Merwe het geantwoord: "Hierdie wette het nie oornag tot stand gekom nie. Inteendeel, baie van hulle het oor 'n tydperk van dekades tot stand gekom. Daarom kan jy nie hulle net afskaf nie, want dit sal chaos veroorsaak."

Thabo wou weet wat die Minister as chaos sien.

"Chaos is wanneer mense rondhardloop en mekaar doodmaak en waar al die reëls verbreek word en daar nie genoeg reëls is om die orde te handhaaf nie.

"Dit is wat ons chaos noem. Dit is die soort van situasie wat mens in Iran gesien het en in elke ander land waar rewolusie plaasgevind het," het Van der Merwe gesê.

Thabo het gevra: "Sê u dus dat as daar met hierdie wette weggedoen word, sal daar hierdie chaos wees waarvan jy praat?"

"Ja, chaos sal ontstaan met so 'n handeling," het Van der Merwe gesê.


# Vrye Weekblad

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ....................................................

Naam: ....................................................

Adres: ....................................................

....................................................

....................................................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**


# Dié week in die nuus

## Suid-Afrika

**Verteenwoordigers van Cosatu** en die UDF bespreek die Winnie Mandela-krisis met die ANC in Lusaka.

**Stompie Mokhetsi Seipei,** die tienderjarige aktivis, word begrawe op Tumahole naby Parys in die Vrystaat.

**'n Boikot** van wit besighede op Carletonville word geloods deur swart inwoners van die Khutsong-township nadat die KP-stadsraad besluit het om klein apartheid weer in te stel.

**Generaal Prem Chand,** bevelvoerder van Untag, die militêre vleuel van die VVO se monitorgroep, kom in Namibia aan.

**Die Vryevestigingswet,** wat voorsiening maak vir vasgestelde "oop" woongebiede, tree in werking.

**Harry Oppenheimer kondig** aan dat hy in Mei uit Minorco se direksie gaan bedank.

**Twee inwoners** van Lebahong naby Delmas word doodgeskiet - na bewering deur munisipale polisiemanne.

**Prima-uitleenkoerse vir** banke styg na 19 persent.

**Prof Johan Heyns,** moderator van die NG Kerk, doen 'n beroep op kerkeenheid op 'n vergadering saam met dr Beyers Naude en prof Carel Boshoff op Stellenbosch.

**Dr Nico Smit** van die NG Kerk in Afrika weier om langer geld van die wit NG Kerk te ontvang.

**Suid-Afrika en Angola** se regerings voer samesprekings in Luanda by die eerste samekoms van die Gesamentlike Kommissie van vyf lande wat die Angola-Namibia vredesooreenkoms moet implementeer.

**Bedrogklagte teen sakemanne** Albert Vermaas en Eugene Berg word heropen nadat die Minister van Justisie, Kobie Coetsee, ingryp.

**Prostitusie moet gewettig** word, sê 'n Johannesburgse NP-stadsraadslid, Theuns Oosthuizen.

**Die Nasionale Intelligensiediens** maak verskoning teenoor die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nadat lede van die NID briefhoofde van die RGN misbruik het om kontak met vakbonde te probeer bewerkstellig.

**Agt mans word** skuldig bevind aan die moord op nie-stakers in die onwettige SA Vervoerdienste-staking in 1987.

**Die Transvaalse Onderwysdepartement** verbied die verspreiding van publikasies van Idasa, Cosatu, die Black Sash en die Five Freedoms Forum in TOD-skole.

## Wêreld

**Salman Rushdie** se boek, The Satanic Verses, en die Ayatolla Khomeini se moordoproep teen hom, verwek verdere opspraak. Diplomatieke bande tussen Brittanje en Iran word verbreek. Twaalf mense word doodgeskiet in 'n betoging teen die boek in Indië.

**'n Boeing 747** van United Airlines se vragdeur word afgeruk op 'n vlug na Nieu-Seeland en nege mense word uitgesuig.

**Aartsbiskop Desmond Tutu** lewer in Zaïre sterk kritiek op moderne Afrika-leiers wat "net so onderdrukkend soos die kolonialiste optree".

**Die Britse Raad** van Kerke doen 'n beroep op die Britse regering om strenger sanksies teen Suid-Afrika toe te pas.

**John Tower** se nominasie as minister van Verdediging van die VSA word verwerp weens sy drinkgewoontes, liefdeslewe, en samewerking met verdedigingskontrakteurs.

**President George Bush** van die VSA besoek Suid-Korea.

**Israel en Egipte** bereik 'n ooreenkoms dat die Taba-strook teen die Rooi See aan Egipte terugbesorg moet word.

**Die Israeli-weermag** sluit die besette Wesoewer en Gaza-strook 22 uur lank af gedurende plaaslike verkiesings en skiet 17 Palestynse betogers dood.

**Rooms-Katolieke kry** die groen lig van die Vatikaan om met Moslems te trou.

**'n Wapenopslagplek** van die Ierse Republikeinse Leër word in Noord-London gevind.

**Keiser Hirohito** van Japan se begrafnis word bygewoon deur die verteenwoordigers van 164 lande, onder wie Suid-Afrika se konsul-generaal in Tokio.

**Koning Arthur** se ronde tafel is in Skotland gevind, beweer 'n groep wetenskaplikes.

**El Salvador** se president José Napoleon Duarte vra 'n skietstilstand en samesprekings met linkse guerrilla-vegters.

**Tufts-Universiteit** in die VSA verkoop R12,5 miljoen se aandele in maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Koos Coetzee. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Eetstakers plaas nuwe druk op regering

Elsabé Wessels



'n Nuwe krisis rondom aangehoudenes wat in hospitale opgeneem is, het hierdie week onstaan. Die groepie is by Hillbrow-hospitaal afgeneem. *Foto: Reuters*

SOWAT 30 eetstakers in Pietermaritzburg wat sedert 18 Februarie kos weier, het hulle gister tot 'n eetstaking tot die dood verbind indien hulle nie vrygelaat of verhoor word nie. Hulle word onder die noodtoestand aangehou.

Die ultimatum van die Pietermaritzburgse eetstakers, waarvan 22 reeds in die hospitaal opgeneem is, maak deel uit van hernieude druk wat hierdie week op die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, geplaas is om die krisis rondom aanhouding sonder verhoor aan te spreek, het 'n regsverteenwoordiger van die groep aan Vrye Weekblad gesê.

Ondanks die aankondiging van kerkleiers, wat Woensdag deur Vlok te woord gestaan is, dat 280 van die land se sowat 800 aangehoudenes teen vandag vrygelaat sal wees, word 'n nuwe aksieprogram vandag van stapel gestuur om druk op die regering te plaas.

Vlok het die kerkleiers, waaronder die Anglikaanse Aartsbiskop Desmond Tutu en die Rooms-Katolieke Aartsbiskop Stephen Naidoo, verseker dat hy reeds 230 vrylatings gemagtig het. Volgens Vlok se kantoor sal 'n verdere 50 vrylatings vandag gemagtig word.

'n Landwye eetstaking van honderde aangehoudenes is op 23 Januarie van stapel gestuur en op 16 Februarie weens druk van kerk- en gemeenskapsleiers opgeskort is nadat tientalle eetstakers in hospitale opgeneem is.

Hierdie week is 'n nuwe keerpunt bereik toe aangehoudenes en regslui aangekondig het dat hulle nie tevrede is nie met die aantal aangehoudenes wat vrygelaat is sedert drukgroepe persoonlik vertoë tot Vlok gerig het.

## Aksieprogram

In Johannesburg het regslui en kerkleiers gister en Woensdag dringende vergaderings belê met die oog op 'n aksieprogram om die vrylating van aangehoudenes te bespoedig.

Regsverteenwoordigers wat namens aangehoudenes in Johannesburg optree, het gister 'n brief aan Vlok opgetrek waarin hulle hul besorgdheid uitspreek oor die stadige vrylating van aangehoudenes.

Hulle het ook hulle besorgdheid uitgespreek oor nuwe aanhoudings wat steeds landwyd plaasvind. "Ons bespeur nie 'n fundamentele verandering ten opsigte van aanhouding sonder verhoor nie," het menseregteprokureur Azhar Cachalia gister gesê.

Vlok het in 'n verklaring gesê dat hy soveel aangehoudenes moontlik sal vrylaat indien dit nie "die handhawing van wet en orde bedreig nie".

Hy het gesê dat hy in voeling is met die veiligheidstoestand en dat die revolusionêre klimaat in die land nog te hoog is, veral in Natal en Soweto. "Die noodtoestand kan nie nou al opgehef word nie."

In Johannesburg het medici hierdie week noodvergaderings belê oor die toekoms van die tientalle aangehoudenes wat in die hospitaal opgeneem is weens verswakte gesondheid. Die aangehoudenes weier om na gevangenisse terug te keer en dreig met hernieude eetstakings indien hulle nie vrygelaat of verhoor word nie.

Die ultimatum van die 30 eetstakers in Pietermaritzburg is Woensdag aan die Minister van Wet en Order, Adriaan Vlok, oorgedra, het 'n regsverteenwoordiger gesê.

Vlok, wat volgens 'n Pietermaritzburgse kerkwoordvoerder geweier het om 'n aantal petisies te ontvang, het dié week ingestem om regsverteenwoordigers komende Maandag te woord te staan.

Ontevredenheid in Pietermaritzburg het toegeneem oor die oorplasing van sekere aangehoudenes na kleiner tronke in 'n poging deur die gevangenis-owerhede om die eetstaking te breek.

Volgens die Menseregte-Kommissie is slegs sowat 140 van die sowat 800 aangehoudenes landwyd vrygelaat sedert Vlok sowat twee weke gelede gesê het die regering sal probeer om vrylatings te bespoedig.

In die Pretoria/Witwatersrandgebied is sowat 85 aangehoudenes sedert 17 Februarie vrygelaat, maar 30 ander is aangehou.

"Daar sal nuwe druk op Vlok geplaas moet word om die vrylating van aangehoudenes te bespoedig," het Cachalia gesê.

# Harms: intrige om PGs en Ministers

**Martin Welz, 'n bekende ondersoekende joernalis en kenner van korrupsie, verskaf die agtergrond tot die politieke toutrekkery rondom die Harms-kommissie**

DIE regsstryd rondom die vervolging al dan nie van die Pretoriase prokureur Albert Vermaas het sy wortels in 'n geheime stryd wat al drie jaar gelede begin het.

Toe het die stryd tussen Transvaalse die prokureur-generaal, adv Donald Brunette SA en een van die huidige Kaaplandse Prokureur-Generaals adv Frank Kahn, ook gegaan oor 'n vervolging waarby senior Nasionale politici betrek was.

Die nuutste rusie het ernstige implikasies vir die magstryd in die Nasionale Party tussen Noord en Suid, met die Vrystaat, soos by die Inligtingskandaal wat PW Botha aan bewind gebring het, as spil van dié stryd.

Daar was reeds drie jaar gelede spanning tussen die Transvaalse PG Brunette en Kahn - toe nog adjunk-Prokureur-Generaal van Kaapland - oor die vervolgings wat voortgespruit het uit die korrupte bedrywighede en verbintenisse van Fanie Botha toe hy Minister van Mannekrag en leier van die Volksraad was.

Die polisie-ondersoek in daardie saak (wat eers gelas is toe die staat gekonfronteer is met die moontlikheid van openbaarmaking in 'n siviele geding), het in Transvaal plaasgevind.

Die beweerde misdade is in Transvaal gepleeg. Al die verdagtes, sowel as die getuies, was Transvalers.

Die saak moes onder die toesig van die Transvaalse PG in 'n Transvaalse hof verhoor word. Die polisiedossier was inderdaad al aan Brunette voorgelê vir sy besluit oor vervolging en die opstel van 'n klagstaat.

Maar voor sy besluit openbaar gemaak kon word, het die Minister van Justisie, en Vrystaatse NP-leier, Kobie Coetsee, van sy buitengewone magte gebruik gemaak en gelas dat die saak "vir gerieflikheid" oorgeplaas word na die Kaapse PG en die Kaapse Hooggeregshof.

Om welke gerieflikheidsoorweginge en vir wie se gerief die saak oorgeplaas is, is nooit bekend gemaak nie.

Die geweldige kostelas van nagenoeg R1 miljoen wat die oorplasing Kaap toe op die beskuldigdes geplaas het, spreek nie van geregtigheid of billikheid nie. Die Staat se koste vir die groot span polisie-offisiere en getuies wat amper twee jaar gereeld heen en weer gevlieg is en gehuisves moes word, was aansienlik meer.

Die Harms- en ander kommissies is sekerlik aangestel met die oog op skoon administrasie, maar hulle het onvermydelik politieke implikasies. Hulle bly 'n maaksel en dienaar van Staatspresident PW Botha en nou van die waarnemende Staatspresident en onsuksesvolle Kaapse kandidaat vir die partyleierskap, Chris Heunis.

Verskeie getuies voor die Harms-kommissie het reeds verwys na beweerde konneksies in hoë kringe. Al die ministers wie se name al genoem is, was al moontlike kandidate vir NP-leierskap: Barend du Plessis, Pik Botha, Magnus Malan. Al drie is Transvalers.

Du Plessis is baas van die Ontvanger van Inkomste en die Reserwebank, wat albei moes bontspring om hul buitengewone rol by die Vermaas-dinge te verduidelik. Magnus Malan en Pik Botha moet nog ondervra word oor hul ritte met Vermaas, om nie te praat nie van beweerde sensitiewe Krygkor-dinge oor Afrika-grense heen nie.

En, miskien nog meer belangrik, Vermaas moet self nog daaroor ondervra word, of geleentheid kry om sy storie te vertel.

Dit is hier waar die Vrystaatse NP-leier, Kobie Coetsee, se ingrype om te sorg dat Brunette onmiddellik vir Vermaas moet aankla, tog politieke betekenis kry.

Brunette se verduideliking oor waarom hy die klagtes teen Vermaas teruggetrek het, was miskien deursigtig en laf.

Maar die effek daarvan was, soos hy dit verduidelik het, dat Vermaas onmiddellik in die openbaar deur die Harms-kommissie ondervra kon word, onder meer oor sy vriende in hoë kringe en die rol wat hulle in sy geldskemas gespeel het.

Terselfdertyd het die likwidateurs 'n beter kans gehad om sy bates op te spoor. En miskien was Brunette, ná sy vorige ervaring, net 'n bietjie sensitief dat hy dalk gebruik word om vir 'n junior kollega handlanger te speel in 'n politieke spel.

Nou, as gevolg van Kobie Coetsee se optrede, sal Vermaas stil wees vir so lank as wat dit duur om 'n ingewikkelde saak voor die hof te bring. En dit sal baie maande duur - waarskynlik tot ná die volgende algemene verkiesing.

Want terwyl FW de Klerk nou die meerderheid het in die NP-koukus, sal dit nie noodwendig so wees na 'n verkiesing nie, indien die KP 'n klompie setels neem nie.

En as die Harms-kommissie so aanhou, word Kaapland se kanse dalk beter. En terwyl PW Botha en sy waarnemer, Heunis, nog baas is, het Kaapland die hef in die hand.

Moenie 'n fout maak nie, De Klerk se verkiesing tot NP-leier het vir Sanlam en Nasionale Pers en die res van die Kaaplandse establishment aan die sweet.

Oor die Transkei/Ciskei-been van die Harms-kommissie se ondersoek, is daar reeds 'n verslag, gemerk "hoogs geheim", in die hande van die kommissie se ondersoekspan oor die Minister van Buitelandse Sake se beweerde moontlike betrokkenheid daar.

Maar nog voor daar gepraat word oor enige moontlike persoonlike betrokkenheid, is die jaarlikse skenking van miljoene rande van die belastingbetalers se geld aan 'n korrupte spul Bantoestanleiers in elk geval sy departement se verantwoordelikheid.

Al ander Transvaalse minister wat dalk 'n leierskapkandidaat kon wees, dr Gerrit Viljoen, dans al die afgelope jaar op hete kole - by wyse van spreke - voor 'n ander geregtelike kommissie van ondersoek. Trosse van sy amptenare is reeds by die korrupte koekerasie voor regter Leonora van den Heever se kommissie betrek.

Terloops, nog 'n Transvaalse sakeman wie se sonnetjie en aandele vinnig aan't sak is, is Joe Berardo van onder meer die Bank van Lissabon en Egoli.

Hy was vir jou 'n sakeman wat die voordeel daarvan ingesien het om jou hand op die politieke pols in Pretoria te hou.

Hy het heelwat transaksies gehad met onder meer Fanie Botha en Pietie du Plessis en seun. Hy was ook 'n eregas by Nkomati. Ons hoop ons kom niemand te na nie, as ons vertel hy is ook bevriend met die Staatspresident, PW Botha.

Verskeie ministers het al van sy gasvryheid en verbintenisse op Madeira gebruik gemaak.

Maar miskien kan hulle dit reeds vergeet ...

# Gerrit Viljoen onder die vergrootglas



**EUGENE MOOLMAN doen verslag oor die Van den Heever-kommisie se ondersoek na onreëlmatighede in die Department van Onderwys en Opleiding.**

DIE politieke toekoms van Gerrit Viljoen, minister van Onderwys en Opleiding, wie se departement na die welsyn van miljoene swart skoolkinders omsien, sal binne die volgende paar maande met 'n vergrootglas dopgehou word.

Die aankondiging deur Viljoen dié week dat die kabinet die eerste verslag van Regter Leo van den Heever se kommissie van ondersoek oor beweerde onreëlmatighede in sy departement ontvang het, is heel waarskynlik die voorspel tot verdere drama.

Die voormalige direkteur-generaal van die departement, Braam Fourie, het reeds met vroeë pensioen uitgetree nadat die Advokaat-generaal, regter Piet van der Walt, verlede jaar 'n verslag uitgebring het oor beweerde onreëlmatighede met die aankoop van 'n rekenaarstelsel van die Leamtech maatskappy, by wie Fourie se seun, Willem, 'n direkteurspos beklee.

Regter Van den Heever se verslag sal moontlik verdere lig op die aankope werp.

Intussen het die kommissie die afgelope drie weke in Pretoria byeengekom om getuienis aan te hoor oor drukkontrakte tussen Thinus Strydom, seun van die adjunk-direkteur-generaal, Jaap Strydom, en die departement.

Die kontrakte beloop bykans R2,5m in twee jaar, waarvan die meeste nie volgens die vereiste departementele prosedure gesluit is nie, volgens getuienis wat voor die kommissie gelewer is.

Op vrae van advokaat Nollie Niehaus vir die kommissie, het verskeie amptenare erken dat die aankoop- of Tenderraadvoorskrifte nie nagekom is nie en dat Thinus Strydom in feitlik alle gevalle die alleen-verskaffer van die publikasies, plakkate en boeke vir die departement was.

Kort nadat hy getuienis afgelê het oor sy rol in die aankope, is die adjunk-direkteur van die departement se Natal-streek, Eben Coetzee, deur Viljoen geskors hangende die bevinding van die kommissie.

Coetzee, wat in 'n stadium erken het dat hy R312 000 se ongemagtigde materiaal van Thinus Strydom bestel het, het gesê hy het met die aankope gehoop om 'n goeie indruk op Jaap Strydom te maak.

OVS-streekdirekteur Nico Botha het op 'n vraag gesê hy het 'n bestelling by Thinus Strydom, wat in daardie stadium die Cradock Courant besit het, geplaas omdat hy die seun van Jaap Strydom was. Cradock Courant het dikwels drukwerk vir die departement se sewe streke gedoen.

Thinus Strydom se rol by die departement se "gemeenskapskommunikasiediens" (Gemkom) het ook onder die soeklig gekom. Jan Vermaak, hoof van Gemkom, wat erken het dat hy "meer as net 'n kollega van Jaap Strydom is", kon nie aan Niehaus verduidelik hoe Strydom na sy afdeling gesekondeer is nie.

Hy het op 'n vraag erken dat Thinus Strydom jr nie, soos deur Thinus self aan hom vertel is, by die susterdepartement Samewerking en Ontwikkeling gewerk het nie.

"Hoe kon hy dan na u afdeling gesekondeer word?" wou Niehaus weet.

"Ek kan nie presies sê nie," het Vermaak geantwoord.


Beide Thinus Strydom en sy pa, Jaap, het in Junie verlede jaar lastereise van R250 000 en R150 000 onderskeidelik teen die Financial Mail en sy politieke redakteur Eddie Botha ingestel nadat die tydskrif vir die eerste keer oor die drukkontrakte berig het.

Na verneem word sal die lastersake eers verhoor word sodra regter Van den Heever se kommissie finaal verslag gedoen het.

Die kommissie moet ook nog verslag doen oor berigte in die Financial Mail verlede jaar oor beweerde onreëlmatighede met betrekking tot swart jeugkampe. Die Financial Mail het berig dat buitestaanders duisende rande verdien deur as tussengangers vir die kampe op te tree.

Thinus Strydom het verlede week gesê sy pa sal nie weer terugkeer na sy pos in Pretoria nie. Hy ly glo aan 'n hartkwaal. 'n Ander amptenaar, Chris Schutte, wat ook getuig het, is die vorige naweek in die hospitaal opgeneem nadat hy twee ernstige hartaanvalle gehad het.

Intussen het adv Francis Bosman, wat die departement verteenwoordig en ook na die belange van die amptenare omgesien het, die kommissie ingelig dat sy voortaan slegs die departement sal verteenwoordig om 'n konflik van belange uit te skakel. 'n Regsadviseur binne die departement behartig nou die belange van die amptenare.



# Pretoria maak deure toe vir AWB oor swak beeld

**Jacques Pauw**

DIE ver-regse Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB) gaan verbied word om enige verdere vergaderings op enige perseel te hou wat deur die Pretoriase stadsraad beheer word.

Intussen verneem Vrye Weekblad dat verskeie ander stadsrade wat deur die Nasionale Party beheer word, Pretoria se voorbeeld kan volg en besluit om nie weer sale aan die AWB te verhuur nie.

Die jongste aanslag op die AWB kom kort nadat die Regering 'n verbod geplaas het op die dra van vuurwapens by AWB-vergaderings en byeenkomste. In die jongste tyd dra die AWB knuppels en messe by vergaderings, maar die PFP het reeds aangedui dat hy binnekort gaan vra dat hierdie wapens ook verbied moet word.

Die koukus van die Nasionale Party in Pretoria het pas besluit om so 'n mosie later vandeesmaand in die Raad in te dien. Weens die NP se meerderheid van 23-19, sal die mosie aanvaar word.

Weens dié besluit van die NP gaan die AWB van sy belangrikste vergaderplekke, die Pretoriase Stadsaal en die Skilpadsaal, ontneem word.

Die besluit is geneem weens die NP se kommer oor die swak beeld wat die AWB aan Pretoria gee. Dit volg op die hoofraadvergadering van die AWB by die Tienie Denysschensaal in Januarie toe lede haelgewere en selfs 'n Amerikaanse outomatiese stormgeweer gehad het.

Intussen het die leier van die Konserwatiewe Party in die Pretoriase Stadsraad, Paul Fouché, gesê sy party sal die mosie van die NP met alles in sy vermoë beveg.

"Die AWB is 'n blanke organisasie en duisende Pretorianers is lede daarvan. Daar was nog geen vergadering in Pretoria waar hul enige moles gemaak het nie. Ek wil die Nasionale Party nou waarsku dat die KP die meerderheid stadsrade in die Transvaal beheer en sal terugkap as sulke mosies deurgevoer word.

"Die Nasionale Party kan hier 'n klein oorloggie ontketen wat hom nog duur te staan sal kom. Sy besluit is uiters ondemokraties," het Fouché gesê.

Die woordvoerder van die AWB, adv Chris Beyers, kon nie vir kommentaar bereik word nie.


**Idasa**

**INSTITUUT VIR 'N DEMOKRATIESE ALTERNATIEF VIR SUID-AFRIKA**

**STREEKSDIREKTEUR (Witwatersrand)**

Aansoeke word ingewag vir bogenoemde pos. Die suksesvolle applikant moet Idasa se visie van 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika deel. Hy of sy moet oor organisatoriese vermoëns beskik, ondervinding in gemeenskapsorganisasies hê, en verkieslik tweetalig wees. 'n Nagraadse kwalifikasie sal 'n aanbeveling wees.

'n Mededingende salaris met die gewone byvoordele word aangebied.

Hierdie is 'n senior aanstelling en aansoeke van ervare en volwasse kandidate word ingewag. Die suksesvolle applikant sal op 1 Julie 1989 in diens van Idasa tree.

Aansoekers word versoek om skriftelik aansoek te doen en hulle kwalifikasies en ondervinding volledig te vermeld. Die name van drie referente moet ingesluit word om die aansoek te ondersteun.

Rig aansoeke aan: Alex Boraine, Uitvoerende Direkteur, Idasa, Penzancestraat 1, Mowbray, Kaapstad 7700.


# Pamflette is vervals, sê NUM

**Anton Steenkamp**

VERVALSTE pamflette wat voorgee om publikasies van die National Union of Mineworkers (NUM) te wees, is hierdie week onder mynbase, akademici en oorsee versprei.

NUM het die "smeerdepartement" van die regering en mynmaatskappye daarvoor geblameer.

'n Woordvoerder van NUM het gesê die pamflette lyk net soos publikasies wat gereeld deur die vakbond uitgegee word, maar die feite is verdraai om hulle in 'n slegte lig te stel.

Update, 'n NUM-nuusbrief, is byvoorbeeld vervals en onder meer onder akademici aan die Universiteit van die Witwatersrand versprei.

Feite in die oorspronklike Update is verdraai sodat dit lyk asof NUM onnodig geld uitgee, onder meer op "vermaak" vir vakbondleiers.

In die vervalste kopie word beweer dat vakbondlede R3 ledegeld moet betaal, pleks van R2 soos wat werklik die geval is.

HIERDIE man met die blas vel wat sê hy's 'n Prog en boonop 'n Indiërmeisie in sy huis aanhou, was vir die wit manne en vroue van Mayfair-Wes een te veel.

"Slaap jy saam met die koelie, of is jy te vrotsleg om 'n wit vrou te kry?"

'n Bejaarde tannie, haar rug al kromgetrek deur die rumatiek, het uit haar stoel gesukkel en dreigend haar vinger in die astrante man se rigting gemik: "Jou soort dônner ek self hier uit!"

Die manne en vroue het haar luid toegejuig en selfs hul voete gestamp.

Wat vir die Wit Belastingbetalersvereniging van Mayfair-Wes 'n vergadering moes wees om slim planne te beraam om anderskleuriges uit hul heiligdom te boender, het Dinsdagaand in 'n chaos ontaard toe "hierdie man" besluit het om hulle die stryd aan te sê.

Sy naam is Lambros Marinaki, 'n bekende in PFP-kringe in Johannesburg. Hy het sowat twee weke gelede in Mayfair-Wes ingetrek en die Grootste Sonde met hom saamgebring: 'n 17-jarige Indiërmeisie wat in die huis loseer om naby die Technikon te wees waar sy studeer.

### Terroriseer

Tot op hede het die manne en vroue van Mayfair-Wes - goeie, opgevoede Boeremense, het die stasiebevelvoerder van die Brixton-polisie hul vroeër die aand genoem - alleen en sonder inmenging in die gebied geheers.

Hulle kon sonder teenkanting van enigiemand, insluitende die polisie, mense van 'n ander kleur terroriseer en vloek, Nazi-slagspreuke op huise verf en galgtoue oor mure hang.

Nou is daar Marinaki, wat van plan is om die handvol progressiewes in Mayfair in 'n linkse weerstandsmag saam te snoer en die Wit Belastingbetalersvereniging teen te staan.

Lede van die Vereniging het Marinaki Dinsdagaand al klaar die "astrantste en slegste witman" in Mayfair-Wes genoem.

"Ag nee wat, dinge het nou te ver gegaan. Iemand moet iets doen om hierdie mense te beveg. Natuurlik is ek skrikkerig vir hulle, maar hier kom 'n groot geveg," sê die flambojante Marinaki.

Verlede Saterdagmiddag het die Belastingbetalersvereniging hom aan huis besoek en wou weet: "Het jy 'n koelie wat hier woon?"

Die meisie het na die drietal se beledigende taal staan en luister. Marinaki het hulle weggejaag.


By Dinsdagaand se vergadering was Marinaki ook op die agenda. Na skriflesing en gebed het voorsitter P van As, 'n grys mannetjie met grys hare in 'n grys pak, aangekondig:

"'n Indiër het al weer in die middel van Mayfair ingetrek! Ons het 'n klag by die Polisie ingedien, maar ons weet mos dit gaan nie help nie."

Van As het gesê in Kraaifontein en Boksburg is die anderskleuriges wat in die wit gebiede woon, se water deur die stadsraad afgesny. Ongelukkig kan hulle dit nie in Mayfair-Wes ook doen nie.

Van As het dit ook gehad teen die swart munisipale werkers wat sonder toesig in die omgewing werk, tot dertig wat op 'n slag in agterbuurtes "uitkamp" en op sypaadjies rondlê.

"Daar is nou so baie kaffers in Mayfair," het 'n vet man met baie sweet op sy gesig gesê: "dat die son al vroegmiddag in Mayfair begin ondergaan."



Lambros Marinaki, die "astrantste" inwoner van Mayfair-Wes

*Foto: Jacques Pauw*

# 'Het jy 'n koelie wat hier woon?'

**JACQUES PAUW skryf oor 'n merkwaardige vergadering van Mayfair-Wes se Wit Belastingsbetalersvereniging waar 'n bekende Prog opgedaag en weggejaag is.**

Vroeër die aand het die nuwe stasiebevelvoerder van Brixton, ene majoor Louw, die Vereniging toegespreek oor die wenslikheid van die stigting van 'n Buurtwag.

Die majoor het gesê hy kan nie politiek praat nie, maar sal alles in sy vermoë doen om die mense te help om die probleem op te los. "Daar waar ek eers in die platteland was, het ons dinge op ons eie manier gedoen. Hier in die stad is dit moeiliker."

Toe kom Marinaki aan die beurt, en groot was die Vereniging se verbasing toe hy agter in die saal opstaan en sê: "Hier is ek, ek is 'n Prog en wat wil julle nog weet?"

Van As wou weet: "Is jy getroud met 'n Indiër-vrou?"

Marinaki: "Nee."

Van As: "Maar dan, meneer, moet ek vir jou 'n baie sensitiewe vraag vra. Is sy effe donker van kleur?"

Marinki: "Nee, ek is geskei. Die meisie van wie jy praat is 'n gas in my huis."

Vir die manne en vroue was dít een te veel.

"Is jy self 'n koelie?" wou een weet.

Marinaki: "Nee, maar maak dit saak?"

'n Vrou: "Slaap jy dan saam met koelies?"

'n Man: "So, jy's te vrotsleg om 'n wit vrou te kry."

Nog 'n man: "Ons gaan vir jou hier uitdônner en saam met die koelies op die ashoop gooi."

Van As: "Nee wag mense, ons moet respek hê vir hierdie man se gevoelens."

Maar die vet was in die vuur. Van die manne het begin opstaan en in Marinaki se rigting beweeg.

Hy is onder begeleiding van drie van die grootste manne die saal uit.

Die bejaarde tannie het oplaas vir hom geskreeu: "Jou slegte witman!"

### Nie intimideer

Marinaki sê hy het in Mayfair ingetrek omdat hy van die woonbuurt hou. Dis gerieflik naby aan die stad en glo dit of nie: " Ek hou van die mense wat hier woon."

Hy sê hy is gewoond aan sulke manne en vroue. Hy werf al jare lank stemme vir die PFP in woonbuurte soos Mayfair-Wes. Hy gaan hom nie laat intimideer oor wie in sy huis mag woon en wie nie.

Hy is van voorneme om 'n alternatiewe belastingbetalersvereniging te stig en wil in die vervolg die wit vereniging se vergadering "met bietjie meer mannekrag aan my kant" bywoon en al hul besluite opponeer.

* Swart inwoners van Johannesburg het hierdie week 'n grootse oorwinning behaal toe die Hooggeregshof geweier het om uitsettingsbevele teen 150 mense in 'n woonstelblok te gee. Regter van Zyl het in sy uitspraak gesê dat baie van die mense al etlike jare in die blok woon en daar 'n ernstige tekort aan huisvesting vir anderskleuriges is.

# Buitelandse Sake waarsku teen wet

Jacques Pauw

TALLE organisasies wat apartheid beveg - onder hulle vakbonde, koerante, politieke en menseregte-organisasies - vrees dat wetgewing wat in die huidige Parlementsitting nog deurgevoer gaan word, lewensnoodsaaklike buitelandse fondse gaan afsny.

Uit verskeie kringe word geglo dat die Wet op die Openbaarmaking van Buitelandse Befondsing 'n metode van die regering is om die aktiwiteite van progressiewe organisasies aan bande te lê. Die linkse opposisiepartye in die Parlement het teen die wet beswaar gemaak.

Intussen blyk dit uit 'n vertroulike verslag van die Departement van Buitelandse Sake dat pogings van die regering om buitelandse fondse te beheer en te beperk, ernstige gevolge kan inhou.

Die departement sê dat daar 'n verharding in veral Europa teen Suid-Afrika te bespeur is en dat daar gewis teen Suid-Afrika opgetree sal word indien die wetgewing aanvaar word.

Die verslag noem die moontlikheid dat die wet daartoe kan bydra dat ambassadeurs in Suid-Afrika teruggeroep mag word, Suid-Afrikaanse missies oorsee verklein mag word, wil hê dat fondse swartmense bereik en landingsregte van die SAL opgeskort word.

In die Amerikaanse kongres is die wetgewing skerp veroordeel en daar is gesê dat die SA regering nie wil hê dat fondse swartmense bereik nie.

Volgens die verslag gaan die Europese gemeenskap in die volgende drie jaar R100 miljoen aan 146 nie-gewelddadige anti-apartheidsprojekte skenk.

Die Wetsontwerp beoog om maatreëls te skep om besonderhede van buitelandse fondse wat sekere organisasies ontvang, te openbaar. 'n Registrateur van Verslaggewende Organisasies en Persone gaan deur die Minister van Justisie aangestel word.

Die registrateur het die bevoegdheid om enige organisasie of persoon tot "verslaggewend" te verklaar. Dit beteken dat hierdie organisasies alle regstreekse of onregstreekse buitelandse fondse volledig moet verklaar en geouditeerde finansiële verslae daaroor voorlê.

Die Wet vereis ook dat organisasies buitelandse geld nie mag aanwend vir enige ander projek as dit waarvoor dit geskenk is nie.

Die registrateur het die bevoegdheid om inspekteurs aan te stel wat ondersoek moet instel na die gebruik en beheer van buitelandse geld deur verslaggewende organisasies. Enigiemand kan gelas word om getuienis oor fondse af te lê.

Die wet maak voorsiening vir 'n straf van tot R40 000 boete of tien jaar tronkstraf. Die registrateur lê jaarliks 'n verslag van elke verslaggewende organisasie aan die Minister van Justisie voor.

Teenstanders van die wet sê die gevaar lê daarin dat buitelandse skenkers verslaggewende organisasies kan vermy en geld eerder aan projekte gee wat nie deur die wet geraak word nie.

Dit kan van die grootste en mees uitgesproke teenstanders van apartheid sonder lewensnoodsaaklike geld laat.

# Cosatu en Nactu-lede hou beraad

Anton Steenkamp

'N SPITSBERAAD tussen lede van die twee grootste vakbondbewegings in die land word hierdie naweek in Johannesburg gehou, ondanks kritiek uit die geledere van die twee organisasies.

Die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) het gister bevestig dat hul spitsberaad met 11 geaffilieerde vakbonde van die National Council of Trade Unions (Nactu) en onafhanklike vakbonde hierdie naweek by die Universiteit van die Witwatersrand voortgaan.

Die bestuur van Nactu het besluit om nie aan die beraad deel te neem nie, maar 11 lidvakbonde van dié beweging het besluit om wel te gaan.

'n Woordvoerder van die 11 vakbonde het gesê Nactu se besluit om nie deel te neem nie, sou nie die belange van die werkersklas as geheel dien nie.

Intussen het die Oos-Kaaplandse tak van die Food and Allied Workers Union (Fawu), 'n lid van Cosatu, die beraad as 'n "verleentheid" en 'n ontkenning van demokratiese besluitneming veroordeel.

Die hoofkantoor van Fawu het egter 'n verklaring uitgereik waarin hulle sê dat die standpunt van die Oos-Kaapse tak geen gewig dra nie, en dat dit net die idees van individue verteenwoordig.

Werkerseenheid en die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge sal op die beraad bespreek word.

Die algemene sekretaris van Cosatu, Jay Naidoo, het gesê die beraad is beplan om eenheid te smee, en dit sou jammer wees as dit 'n verdelende aangeleentheid word.

Die beraad sal bygewoon word deur 250 lede van Cosatu en Nactu, asook 200 afgevaardigdes van onafhanklike vakbonde. Die Oos-Kaapse tak van Fawu het hulle "in die sterkste moontlike terme" van die beraad gedistansieer.

Volgens 'n verklaring van die streeksekretaris, ME Nduzulwana, is die senior leiers van alle demokratiese vakbonde nie na die beraad genooi nie.

Hulle beskou die byeenkoms van "werkers sonder beamptes" as 'n poging om politieke munt te slaan uit die strewe na werkerseenheid.

As Cosatu werklike eenheid ten doel gehad het, sou hulle nie lidvakbonde van Cosatu geïgnoreer het nie.

Nduzulwana bevraagteken ook Cosatu se "skielike, desperate poging" om onafhanklike vakbonde te betrek, en sê sommige van die vakbonde bestaan nie meer nie.

**JACQUES PAUW het 'n onderhoud gevoer met prof Laurie Ackermann, 'n voormalige regter en nou professor in Menseregte aan die Universiteit van Stellenbosch. Ackermann het onlangs ook die regskonferensie met die ANC in Harare bygewoon.**

# Eers politieke regte, dan 'n handves

**Vraag: Het menseregte in Suid-Afrika werklik versleg - dit terwyl die regering voorgee hy is besig om die demokrasie te verbreed?**

Antwoord: Ons moet besef dat menseregte in Suid-Afrika ingrypend en oor 'n wye front misken word.

Een van die belangrikste redes vir die skending van menseregte bly die gebrek aan werklike politieke regte van die oorgrote meerderheid vsn die bevolking. Wêreldwyd word die reg om op gelyke grondslag aan die politieke proses deel te neem en verteenwoordigers in die sentrale regering te verkies, as 'n fundamentele reg beskou.

Voor dit nie reggestel word nie, is al die ander dinge wat gedoen word, op sy beste maar lapwerk.

**V: In watter mate skend die noodtoestand menseregte?**

A: Dit het ingrypende magte aan meer persone gegee om aanhouding sonder verhoor toe te pas en gevolglik word groot getalle mense aangehou. Vryheid van spraak en vryheid van assosiasie word toenemend onderdruk. Wanneer daar met 'n noodtoestand gewerk word, is daar baie wat gedoen kan word om misbruike uit die weg te ruim. Daar behoort vir alle persone in aanhouding 'n stelsel te wees waarvolgens hulle met hul eie regsverteenwoordigers kan konsulteer. Onafhanklike juriste en medici moet onbeperkte toegang tot sulke mense hê.

**V: Kan aanhouding sonder verhoor onder enige omstandighede geregverdig word?**

A: Die Europese konvensie maak voorsiening vir noodtoestande waar die lewe van die volk bedreig word. Maar selfs dan moet menseregte baie eng toegepas word en slegs die ingrype regverdig wat nodig is om die betrokke noodtoestand te bekamp. Daar is 'n verbod op 'n noodtoestand om 'n situasie te bestendig of te verleng waar fundamentele regte permanent ingekort word.

**V: Suid-Afrika het een van die hoogste doodstrafsyfers ter wêreld. Is dit 'n aanduiding van die mate waarin ons menseregte skend?**

A: Ja dit is. Ons moet besluit of die doodsvonnis nog enigsins 'n bestaansreg het. Die posisie word verder versleg omdat die meerderheid van die bevolking geen inspraak het in die wetgewing wat bepaal vir welke misdade die doodsvonnis aangewend kan word nie. Met die uitsondering van Bophuthatswana is daar geen swart regter in ons hooggeregshowe nie.

**V: Is dit moontlik om vandag in Suid-Afrika 'n handves vir menseregte te implementeer?**

A: Die groot gevaar is dat mens 'n dokument kry wat 'n menseregtehandves genoem word, maar nie alle regte beskerm nie. Daar is verskeie wette en beleidsrigtings wat dit onmoontlik maak om 'n internasionaal aanvaarbare handves in Suid-Afrika toe te pas. Die meeste van die inwoners het nie stemreg nie en wette soos bevolkingsregistrasie en groepsgebiede druis in teen die mees fundamentele menseregte.

**V: Kan so 'n handves aangepas word om by die beleid van die huidige regering in te pas?**

A: Nee, nie 'n werklike menseregte-handves nie. 'n Handves skryf nie die regeringstelsel voor nie, maar die twee moet versoenbaar wees. Die regeringsbeleid moet by die handves aanpas.

**V: As ons 'n menseregte-handves kry, beteken dit dat die grondwet herskryf moet word en 'n heeltemal nuwe bedeling van voor af uitgewerk word?**

A: Ja ek glo so. In al die lande waar handveste 'n betekenisvolle rol speel is dit deel van die grondwet. Die proses wat lei tot so 'n handves is egter net so belangrik soos die inhoud daarvan.

Die instelling van 'n handves kan egter lank neem. Dis 'n wanvoorstelling om te dink mens gaan slaap een aand onder 'n apartheidsbestel en word die volgende oggend wakker in 'n post-apartheidsbestel.

**V: Sal politieke gevangenes soos Mandela vrygelaat moet word en sal ou vonnisse van sogenaamde politieke gevangenes hersien moet word?**


A: Onder 'n geloofwaardige handves is dit noodwendig dat alle statute wat inbreuk maak op menseregte sal verdwyn en ongeldig verklaar moet word deur die howe. Die posisie van alle politieke gevangenes sal heroorweeg moet word. Dit sal ook onmoontlik wees om 'n handves sonder die deelname van die ANC in te stel.

**V: 'n Mens het bale mooi klanke oor die ANC en menseregte uit Harare gehoor soos dat hulle die doodstraf sal afskaf en nie mense sonder verhoor aanhou nie. Dink u hulle is opreg?**

A: Die gevoel wat ek in Harare gekry het, is dat hulle hul saak baie sterk fundeer op 'n internasionaal aanvaarbare menseregte-handves. Daar sal groot internasionale druk op hulle wees om voet by stuk te hou.

Ek glo tog hulle is opreg oor menseregte maar ons moet ook nie naïef wees nie. Enige meerderheidsregering gaan probleme ondervind wanneer ons grootskaalse politieke en sosiale verandering ervaar.


Met die eerste oogopslag lyk die skets hieronder na 'n wit vaas (Of sien u 'n silhoeët van twee gesigte?)



Dis presies die punt: ons sien dinge nie altyd uit dieselfde perspektief nie.

Ook nie wat die toekoms van ons land betref nie.


Ons by Anglo American glo die enigste manier waarop hierdie verskille oorkom sal kan word, is om met mekaar te praat: as gelykes.

Van aangesig tot aangesig.

AAC
ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA LIMITED

HUNT LASCARIS TBWA 88110132

# Die hare waai om Rambo Ken en die Vier Ruiters



**Prof Sampie Terreblanche**
*Foto: Guy Tillim/Afrapix*

**Max du Preez**

DIE woeste debat met skerp aanklagte en etniese ondertone oor ekonomiese ideologie wat tans woed, gaan dalk net soveel oor die siel van die te stigte Demokratiese Party as oor ekonomiese beleid.

Dis soos spanstoei: aan die een kant is die omstrede redakteur van Business Day, Ken Owen, en die grootste deel van die "liberale" establishment Progs en sakesektor, en aan die ander kant professor Sampie Terreblanche van Stellenbosch, Wynand Malan van die Nasionale Demokratiese Beweging en 'n groep meestal Afrikaanssprekende ondersteuners wat nader aan die sosiaaldemokrasie staan.

Vandeesweek het Malan prontuit by 'n byeenkoms van sakemanne gesê: "Ek dink dit is tyd om vir Ken Owen te vra: Waar staan jy sover dit die demokrasie self betref?"

Owen het voorverlede Maandag die kryt betree met 'n meningsartikel onder die opskrif "Hark! The First Horseman rides against the rich" nadat Terreblanche vroeër 'n brief aan die koerant geskryf het.

Hy skryf: "Terreblanche is one of the Four Horsemen of the liberal apocalypse which Wynand Malan has unleashed on the old PFP crowd: Wimpie de Klerk for politics, Marinus Wiechers for constitutional policy, Van Zyl Slabbert for relations with the ANC, and Terreblanche for economics."

Terreblanche het in sy brief geskryf: "Those people who, like the freemarketeers, think that a democratic system can be superimposed on the present economic system, with its distorted distribution of wealth and economic power and without repercussions for the distribution of wealth and economic power, are really naive beyond redemption."

Owen se reaksie daarop is dat dit bloot 'n nuwer weergawe van Verwoerdiaanse "social engineering" is waarvan Terreblanche eens so 'n ywerige ondersteuner sou gewees het.

Owen sê Terreblanche moet kies: òf hy kan 'n bloeiende ekonomie hê, òf hy kan 'n herverdeling hê, maar nie albei nie. As Terreblanche die nuwe Demokratiese Party se ekonomiese beleid gaan voorskryf, moet hy aan voornemende lede sê hoeveel herverdeling nodig is, hoe dit bereik gaan word en hoe dit die groeikoers gaan affekteer.

Twee dae later gooi die PFP-leier, Zach de Beer, in 'n brief aan Business Day oor Owen se artikel olie op die waters. Hy skryf die Demokrate glo baie sterk aan 'n vryemarkstelsel, maar dat dit nie die rol van die staat in byvoorbeeld behuising of onderwys uitsluit nie.

Hy sê hy het simpatie met Owen se suspisie oor 'n herverdeling van rykdom, maar hy glo ook terselfdertyd dat die inkomstegaping in Suid-Afrika gevaarlik groot is en verklein behoort te word.

"Owen - laudably - is determined that there must be a clear distinction between 'liberal' and 'left'. I applaud; I agree; and I assure him that the Democratic Party is to be liberal and not left," skryf De Beer.

Die volgende dag vat Owen vir De Beer aan in 'n hoofartikel. Hy het probleme, sê hy, "to reconcile De Beer's understanding of Terreblanche's views with Terreblanche's own statements." In elk geval, voeg hy by, De Beer is nie die leier van die Demokratiese Party nie.

Toe begin die briewe instroom, vir en teen. Arno Steyn skryf byvoorbeeld: "The mere fact that you refer to Anglo-Saxon liberal thinking within the context of a South African society, thereby presupposing that the economic policy of the new Democratic Party should be structured on those lines, underscores how notoriously 'ignorant' the 'English establishment' ... is of South African realpolitik."

Verlede Maandag skryf Owen in 'n artikel onder die opskrif "Let's look more closely at this newborn liberal" dat Terreblanche se denke "is in fact much closer, both in analysis and in policy prescription, to the Wits neo-Marxists than to the South African liberals who adhere generally to the thesis of Michael O'Dowd that rapid economic growth is both a means of destabilising apartheid society and of creating the wealth that will be required to maintain peace in post-apartheid society.

"The mystery is how Terreblanche can be passed off on us as a 'liberal'."

Maar dan trek hy die lang messe uit. Hy vra hoekom iemand soos Rudolph Gouws van Rand Aksepbank nie eerder deur die DP gevra is nie en voeg by: "When such men are available ... it is incomprehensibly careless of the leaders of a liberal, business-funded, English-supported political party to exhume Sampie Terreblanche. If I were paranoiac, I would think it a Broederbond plot."

Woensdag antwoord Terreblanche toe weer in Business Day en skryf onder meer: "It is really unnecessary for Owen to remain stuck with the laissez faire ideology. It is not applicable in this century and of no relevance to a country in a period of transition."

Dieselfde dag tree Malan toe tot die debat. Hy sê aan sakemanne by die Yard of Ale Forum in Johannesburg: "Owen vat 'n baie sterk ideologiese, puristiese vryemarkretoriek en dan praat hy van groei. Ons glo daar moet geleenthede vir almal wees om deel te neem aan en toegang te hê tot die ekonomie. Ons glo nie daar moet enige beperkinge op toegang tot die ekonomiese proses wees nie.

"Maar as ons dit gesê het en ons voorkeur gestel het vir individuele entrepreneurskap om 'n hoë groeikoers te verseker, wat ons glo absoluut noodsaaklik is, sê ons ook daar moet 'n waardebepaling wees van die eise van die demokrasie op 'n ekonomiese stelsel van die toekoms.

"Ek kan sonder vrees vir teenspraak sê dit is onmoontlik om 'n demokratiese stelsel af te dwing (superimpose) op die Suid-Afrikaanse realiteite van vandag - 'n demokratiese stelsel wat dan die ekonomiese infrastruktuur onaangetas laat. Ek glo nie ons ekonomiese situasie kan vandag 'n oorbeweeg van 'n oligargiese situasie na 'n demokrasie hanteer nie.

"Die geweldige fundamentele dilemma is dat Ken Owen 'n baie hoë premie plaas op die idee van entrepreneurskap tot die mate waarin hy vra vir die totale onttrekking van die staat in die prosesse, maar homself eintlik nooit uitspreek oor die effek van demokrasie nie.

"Hy maak nêrens 'n saak uit vir 'n werklik demokratiese gemeenskap nie; hy bly net praat van 'n markgemeenskap, die individu wat al die geleenthede moet kry.

"In verlede week se artikel maak hy die stelling dat prof Terreblanche moet kies tussen 'n hoë groeikoers of 'n billike distribusie van welvaart. Hy kan nie altwee hê nie, is die stelling wat Ken Owen maak.

"Dit is belangrik om vir Ken Owen te sê: as ons nie albei het nie - 'n hoë groeikoers en 'n regverdige verdeling van rykdomme nie - sal ons niks hê nie.

"Ek dink dit is tyd om vir Ken Owen te vra: Waar staan jy sover dit die demokrasie self aanbetref?"

Daar word angstig gewag vir Owen se antwoord.

# Golden Eagle vlieg nou met nuwe vlerke

**Anton Steenkamp**

DRIE voormalige direkteure van Golden Eagle Transport, oor wie se bedrywighede Vrye Weekblad verlede week verslag gedoen het, gaan nou voort met soortgelyke projekte onder nuwe name - en die klagtes van klante wat sê hulle is ingeloop, stroom alweer in.

Mynhardt Hendricks, ook bekend as Dan Borman, die voormalige besturende direkteur van Golden Eagle Transport, doen nou sake onder die naam Golden Eagle Truck and Trailer in Randfontein.

André Coetzee adverteer 'n soortgelyke skema onder die naam SA Vervoerkonsultante, en Dawie van der Walt en sy gesin tree op as Poni Enterprises and Trucking in Verwoerdburg.

Piet Barwise, nog 'n voormalige direkteur van Golden Eagle Transport, het ook 'n draai geloop by Poni, maar hy bedryf nou die Pronto-finansieringsagentskap in Pretoria-Noord, waar hy onder andere mense wat na bewering deur Poni ingeloop is, met hul eise help.

Toe Vrye Weekblad Woensdag by Pronto se kantore opdaag, het daar juis vyf mense gesit wat hul geld by Poni verloor het - R70 000 in totaal.

Dit blyk nou dat nog soortgelyke bedrywe soos paddastoele opskiet en dat honderde mense al daardeur hul geld verloor het.

Verskeie mense het Vrye Weekblad vandeesweek na aanleiding van die Golden Eagle-berig opgebel en beweer dat Poni Trucking en nog twee firmas, PC Vervoer en Sebotswa, soortgelyke skemas bedryf.

Vrye Weekblad het verskeie van die kontrakte wat met Poni gesluit is, ter insae gehad. Telkens was dit dieselfde storie: 'n voornemende kontrakteur betaal R10 000 deposito met die versekering dat Poni vir hom finansiering en karweiwerk sal reël, en dit word nooit gelewer nie. Sommige kontrakteurs gaan nou eise van tot R20 000 teen Poni instel.

Een van die vele mense wat bedroë daarvan afgekom het, Henry White, het hierdie week aan Vrye Weekblad vertel van sy ondervinding met Poni Enterprises.

Hy het R10 000 belê by Dawie van der Walt en Seun, die direkteure van Poni. Hulle het hom 'n inkomste van R40 000 per maand belowe, waarvan hulle 5 persent kommissie sou kry.

Hulle sou die finansiering vir 'n vragmotor reël.

Ná twee maande het hy vir Autoluv, die maatskappy by wie Poni glo finansiering gereël het, gebel, net om te hoor dat sy aansoek afgekeur is.

White het op die ou end sy eie finansiering gereël, 'n vragmotor gekoop en net twee vragte vir Poni vervoer. Aan die einde van die maand is hy egter geen salaris betaal nie.

Drie weke daarna het hy wel daarin geslaag om 'n salaristjek van Poni te kry, maar die bank het geweier om die tjek te wissel - daar was geen fondse in die rekening nie.

Koos Smit, 'n werktuigkundige wat vir Golden Eagle Truck and Trailer in Randfontein herstelwerk gedoen en volgens hom nooit daarvoor betaal is nie, gaan hulle nou vir R22 000 - die bedrag wat hulle hom na bewering skuld - dagvaar.

Hy het ook vandeesweek vir Vrye Weekblad vertel van nog 'n persoon, Danny Boshoff, wat 'n kontrak met Golden Eagle gesluit het net om te hoor dat hulle nie vir hom werk het nie.

Nog 'n vervoerkontrakteur, wat uit vrees vir vergelding nie sy naam genoem wil hê nie, het vertel dat hy self vir Golden Eagle gewerk het, maar in Desember geloop het "omdat ek 'n gewete het".

"Ek het 'n ou man van Pietersburg soos 'n kind gesien huil omdat hy al sy geld, waarvoor hy 'n verband op sy huis uitgeneem het, verloor het," vertel hy.

Volgens hom het 'n sekere Kearney van Kaapstad R75 000 verloor nadat hy die deposito op drie trokke, wat hy sê hy nooit gesien het nie, aan Golden Eagle betaal het.

André Coetzee, wat sy dienste onder die naam SA Vervoerkonsultante adverteer, is volgens verskeie bronne in die vervoerbedryf nog steeds kop in een mus met sy ou vriend en sakevennoot, Mynhardt Hendricks (alias Dan Borman).

Coetzee tree glo as konsultant op teen 'n heffingsfooi van R50, en verwys dan sy klante na Hendricks se maatskappy, Golden Eagle Truck and Trailer.

# Polisie ondersoek Nelspruitvrou se dood na aanranding

**Anton Steenkamp**

'N MOORDDOSSIER is op Nelspruit geopen ná die dood van Rose Mshaba, die vrou wat in die hospitaal oorlede is nadat sy deur 'n dienspligtige aangerand is.

Vrye Weekblad het verlede week berig dat die dienspligtige wat haar aangerand het, in 'n summiere militêre verhoor met R150 beboet is nadat hy skuldig bevind is aan gedrag wat militêre dissipline tot nadeel strek.

Sy oorspronklike vonnis van 40 dae in die detensiebarakke - die maksimum vonnis op dié klag - is ná vertoë deur sy familie versag op aandrang van luit-genl JJ Bischoff, wat toe bevelvoerder van die SAW se Kommandement Oos-Transvaal was.

Die polisie het 'n siviele klag van aanranding ondersoek, wat verander is na 'n moordklag toe die vrou twee weke later oorlede is.

Kaptein D Alberts, distriksbeheeroffisier van die SAP op Nelspruit, het vandeesweek bevestig dat 'n moordklag ondersoek word na aanleiding van die gebeure by die Red Lion-kroeg op 7 Desember verlede jaar.

"'n Enkele verklaring is nog uitstaande, dan sal die dossier na die Prokureur-Generaal van Transvaal verwys word," het hy gesê.

Kapt Alberts het bevestig dat weermaglede by die saak betrokke is, maar gesê hy kan nie nadere besonderhede verstrek tot tyd en wyl die dossier aan die PG voorgelê is nie.

# SA agente loop rieme styf in Zimbabwe

**Onlangs is drie Suid-Afrikaanse agente wat 'n bomaanval op 'n ANC-huis in Bulawayo geloods het, in die Hooggeregshof in Harare ter dood veroordeel. Hulle het 'n werklose gehuur om 'n motor vol plofstof na die huis te bestuur. Die onskuldige man is aan stukkies geblaas. Nog drie hofsake teen beweerde Suid-Afrikaanse agente moet afgehandel word. Dit lyk nie of Suid-Afrikaanse agente se pogings om die ANC in hierdie buurland te beveg, baie geslaagd is nie. LAWRENCE BARTLETT doen verslag.**

IN intelligensiekringe in Zimbabwe is uiterste verbasing uitgespreek oor die amateuragtige werkwyse van drie Suid-Afrikaanse agente wat onlangs in Harare se Hooggeregshof ter dood veroordeel is nadat hulle 'n motorbom laat ontplof het.

Die motorbestuurder is dood en twee ANC-lede is beseer in die ontploffing.

Kevin Woods, 35, Michael Smith, 34, en Phillip Conjwayo, 54, is skuldig bevind aan moord nadat 'n motorbom ontplof het by 'n huis in Bulawayo waar lede van die ANC in Januarie 1988 gewoon het.

Die hof het bevind dat hulle 'n werklose man by 'n arbeidsburo gehuur het om die motor vol plofstowwe na die huis by 16A Jungle Road te bestuur. Kort nadat hy daar aangekom het is die bom met afstandsbeheer laat ontplof en die man is aan stukkies geblaas. Twee ANC-lede is beseer.

Ten minste nog drie hofsake teen beweerde Suid-Afrikaanse agente moet nog afgehandel word. Dit gaan oor 'n kommando-aanval op ANC-kantore in Harare in 1986, 'n vuurpylaanval op 'n ANC-huis in dieselfde stad, nog 'n motorbomontploffing by 'n winkelsentrum waarin verskeie mense beseer is, asook 'n mislukte poging verlede jaar om Woods en Smith te bevry.

Die eerste deurbraak vir Zimbabwe se sekuriteitsdienste het plaasgevind toe hulle Conjwayo, 'n voormalige Rhodesiese veiligheidspolisieman, kort na die ontploffing gearresteer het.

Hy is verklik deur 'n familielid wat hom voor die ontploffing in die motor gesien het wat in die bomaanval gebruik is. Nadat hy in hegtenis geneem is, het die ander name gou bekend geword.

Hy het aan die polisie gesê as hy 'n sekere Mary Baker in Suid-Afrika bel, sal hulle "die wittes" wat by die saak betrokke is kan vang. Zimbabwe se Central Intelligence Organisation (CIO) het die gesprek op band opgeneem.

Conjwayo het Baker, wat later in die hof as as 'n voormalige Rhodesiese polisie-vrou Katriona Marilyn Burger geïdentifiseer is, gevra om hom te help om uit die land te vlug omdat die polisie se strik besig was om nouer om hom te trek.

Op 'n oop telefoonlyn het Baker gevra: "Is dit 'n valstrik?" en gereël dat hy 'n duisend dollar in die waterbak van 'n toilet by 'n garage in Bulawayo kan gaan haal. Woods het die geld daar geplaas, en hy is gearresteer.

Die eienaar van die garage, Rory McGuire, is ook gearresteer en tot sewe jaar gevangenisstraf gevonnis omdat hy versuim het om vyandelike agente te rapporteer.

Toe het Woods met die sak patats vorendag gekom, en as voormalige lid van die CIO gesê hy weet hy sou gemartel word as hy nie praat nie.

Hy het gesê 'n Suid-Afrikaanse agent met die naam Henry Thompson is met 'n valskerm op 'n afgeleë plaas neergelaat om die aanval te organiseer.

Barry Bawden, wat verhoor afwag in Harare se Chikurubi maksimimsekuriteitsgevangenis, het besluit waar Thompson neergelaat sou word, het hy gesê.

Sy neef, Christopher "Kit" Bawden - wat nie in hegtenis geneem is nie en glo in Suid-Afrika is - het die knoppie gedruk wat die onskuldige Obert Amon Mwanza na sy dood gestuur het.

Kit Bawden se broer Guy is ook gearresteer en is verhoorafwagtend op aanklagte wat in verband staan met 'n motorbomontploffing by 'n voorstedelike winkelsentrum in Harare in 1987. Twee anti-apartheidsaktiviste en verskeie ander mense is beseer.

Die betrokke agente was almal in Rhodesië se weermag of geheime diens tydens die oorlog. Met die uitsondering van Conjwayo, wat deur sy advokaat as 'n slagoffer van Suid-Afrikaanse agente beskryf is, is almal goeie vriende wat gereeld saam gaan jag en visvang het.

Woods, 'n lang man met 'n groot baard, het erken dat hy in 1983 deur Suid-Afrikaanse intelligensie gewerf is toe hy nog 'n lid van Zimbabwe se Central Intelligence Organisation was. Hy het erken dat hy verkenningswerk oor die huis in Jungle Road gedoen het en gehelp het om die afspringplek van Henry Thompson te beplan.

Smith, wat in die Rhodesiese en later die Suid-Afrikaanse weermag gedien het, het erken dat hy in die beheermotor was toe die bom in die ander motor ontplof het.

Conjwayo het erken dat hy die motor gekoop het en die bestuurder gehuur het, maar enige kennis ontken van die plan om die huis aan te val.

Toe hulle deur Regter-President Wilson Sandura gevra is of hulle enigiets te sê het voordat hy die doodsvonnis uitspreek, het Woods namens homself en Smith gepraat.

Hy het sy toespraak gehou in dieselfde somber hofsaal met houtpanele waar wit regters tien jaar tevore swart guerrillas ter dood veroordeel het.

"Ons enigste motivering was ter wille van die mense van Suid-Afrika wat dood en verwoesting daagliks aan die hand van hierdie ANC-moordenaars ly. Ons is jammer dat die man wat dood is nie 'n lid was van die militêre vleuel van die ANC nie," het hy gesê.

Hierdie uitdagende houding word hier gesien as 'n oproep tot Suid-Afrika om hulle op die een of ander manier van die galg te red. "Ons het dit vir julle gedoen, doen nou iets vir ons," was duidelik die boodskap wat uit die swaar bewaakte beskuldigdebank aan Suid-Afrika gestuur is.

Daar was reeds een dramatiese poging om die mans te red in Julie verlede jaar. 'n Poging is aangewend om hulle met 'n gesteelde Zimbabwiese lugmag-helikopter uit die land te kry nadat die gevangenisbus waarin hulle vervoer in 'n lokval gelei is.

Die plan het klaaglik misluk. Een man, Denis Charles Beahan, is in hegtenis geneem en is nou verhoorafwagtend. 'n Lugmagoffisier, vlugluitenant Gary Kane, het uit die land gevlug.

Daarna was die drie beskuldigdes onder die swaarste bewaking wat ooit in Zimbabwe gesien is. Hulle is in 'n pantsermotor na en van die hof vervoer, begelei deur ten minste tien militêre voertuie wat swaar bewapen is. In die hofsaal self was 'n dosyn militêre polisie wat met submasjiengewere en pistole bewapen was, terwyl skerpskutters die gebou gepatrolleer het.


Spesiale toerusting is ook langs die Suid-Afrikaanse grens geïnstalleer, het 'n staatsaanklaer in die hof gesê, en sekuriteitsagentskappe is paraat gestel teen enige pogings om die mans weer te red.

'n Moontlikheid wat hier genoem word is die uitruiling van die drie mans vir politieke gevangenes wat in Pretoria in die dodeselle sit. Regsgeleerdess sê egter dit sal 'n ongewone ooreenkoms wees aangesien die drie veroordeeldes almal Zimbabwiese burgers is.


Smith het uitdagend aan die hof vertel as hy 'n keuse gehad het sy lojaliteit by Suid-Afrika sou lê. Woods het gesê dit was "'n morele onreg" dat hulle skuldig bevind is terwyl "ANC-moordenaars" in die strate van Zimbabwe rondloop.

As hulle hang, sal hulle die eerste wittes wees wat vir politieke misdade in Zimbabwe gehang word. Twee Fransmanne is in die vroeë tagtigerjare vir moord gehang ondanks sterk protes deur die Franse regering.

'n Totaal van omtrent 20 mense is sedert Zimbabwe se onafhanklikheid in dié land gehang. - New African



Kevin Woods



Michael Smith



Phillip Conjwayo

"The next war will determine not what is right but what has been left. Art is the survivor of all"
Barbara Barnett, ZONA

ZONA

Grantlaan 64,
Norwood,
Johannesburg 2192
Tel: (011) 728-4154

ONS HANDEL IN DIE FYNSTE INHEEMSE HANDEWERK EN KUNS

Ons, en diegene soos ons, wil ander help om hulself te help


# Vaalseun-prente stroom in!

FW de Klerk, so sê baie spotprenttekenaars, is 'n moeilike man om te teken. Daar word gesê hy is die oorspronklike Vaalseun. Maar deelnemers aan Vrye Weekblad se Teken FW-kompetisie vaar baie goed, soos ons hier kan sien. Daar is altesame R600 om te wen in die kompetisie, en enigeen mag deelneem. Ons wil veral graag die bydraes van studente aan universiteite en technikons sien. Die sluitingsdatum is eers op 1 April, en inskrywings moet gestuur word aan: Teken FW-kompetisie, Posbus 42637, Fordsburg 2033.










**Links: Die NP kry 'n nuwe gesig, deur Victor Barnes. Bo: 'n Lewensgetroue portret deur Mynderd Vosloo. Regs bo: Die nuwe kroonprins deur Strijdom van der Merwe. Regs: Dr Andries se verrassinkie deur Alistair Findlay.**

# Juppie-era se laaste stuiptrekkings?

## Vir die effek . . .

PIA NIEMAND skryf oor finansiële markte

DIE jare tagtig word dikwels beskryf as die "juppie-era". Maar soos die dekade einde se kant toe staan, lyk dit of die glorie-dae van hierdie heimlik geadmireerde, openlik veragte spesie ook tot 'n einde kom.

Maar ook hier in ons eie markte lyk dit asof die tyd van "dekadensie" ook tot 'n einde kom.

Ek moet erken dat ek aanvanklik om twee redes by die mark aangesluit het. Die een is omdat 'n mens hier makliker as elders geld maak (so het die grootpraters my mislei!) en die ander is omdat ek van die Rand Aksepbank se "gilt train" (guilt train) gehoor het.

Hierdie trein het blykbaar afgesloofde makelaars en finansiële handelaars vermaak deur hulle vir die middag na die Magaliesberge en terug te karwei.

Onthou, die mark is baie veeleisend, en op die Transvaalse vlaktes kon die juppies hulself in afsondering ontwen, mekaar beter leer ken en die aand in verskeie Johannesburgse hotels afrond om dan terug te keer na die vaal lewe van geld, bulle en bere.

Helaas, al twee jaar lank loop die trein nie meer nie, maar verlede jaar het 'n goeie aantal skemerkelkpartytjies vir afleiding gesorg. Ek wonder of middeljarige mans met respektabele titels in ander beroepe ook teen die einde van so 'n sosiale geleentheid armdrukke op die mat doen, kollegas in swembaddens gooi en die minder suksesvolles die arrogantes met vuiste op hul plek sit?

Dit was verlede jaar. Vanjaar het die arrogansie aansienlik afgeneem. Om geld te maak wanneer die mark sterk in 'n rigting loop is maklik. Die mark waarin ons ons nou bevind is egter 'n ander storie. In die afgelope drie maande beweeg koerse op die langtermyn Eskom-lening maar tussen 16.40 en 16.75 persent.

Om besluite te neem in so 'n stil mark is moeilik en bang handelaars dink gedurig beter verskonings uit om nie te handel nie: eers het hulle vir die inflasiesyfer gewag, toe vir die aankondiging oor primakoerse en nou wag hulle vir lekkergoed van Barend in sy begroting. Enigiets om nie 'n besluit te neem nie.

Daar bly egter 'n groot tekort aan handelaars in die mark en mense met ondervinding - of dit nou goeie of slegte ondervinding is - is gewoonlik verseker van werk.

Een handelaar het 'n private speurdiens begin nadat hy soveel geld vir 'n bank verloor het dat hy nie weer werk in die mark kon kry nie. Nadat sy speurmaatskappy bankrot geraak het, is hy weer werk in die mark aangebied en in beheer van miljoene rande geplaas.

Dis eers nadat hy wéér aanhoudend geld verloor het, dat hy gevra is om die pad te vat. Vir sulke openlike nalatigheid of onkunde behoort 'n bank aanspreeklik gehou te word.

Ek is seker daar is min buitestaanders wat trane sal stort as juppies hier ook tot 'n val kom. Maar maklik sal hulle blykbaar nie oorgee nie. 'n Makelaar het onlangs 'n besigheid in die verhandeling van makelaars en handelaars begin.

'n Slim uitweg: as 'n mens nie geld kan maak deur 'n parasiet in die mark te wees nie, word jy 'n parasiet op parasiete.

Soos die Romeinse Ryk van ouds, lyk dit asof ons mark sy dae van oorvloed en dekadensie geniet het. Beleef hy nou sy laaste stuiptrekkings voordat hy ook tot 'n val kom?

# Sonder reg om te staak kan werkers net bedel

**Arbeidsrubriek deur THEO HEFFER, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**

'N STUDIE van ander lande se stelsels van arbeidsreg help ons om ons eie stelsel te verstaan. Hoewel stelsels of dele daarvan nie eenvoudig van een land na 'n ander oorgeplaas kan word nie, kan ons belangrike lesse leer uit foute wat elders begaan is.

Dit is die mening van die beroemde internasionale deskundige op die gebied van arbeidsreg, prof Manfred Weiss van Frankfurt se Goethe-universiteit, wat onlangs 'n kort besoek aan Suid-Afrika afgelê het.

As ons kyk na Suid-Afrika se stelsel van kollektiewe bedinging, blyk dit dat ons wel elemente van ander Westerse stelsels net so wil oorneem, sonder inagneming van verskille in strukturele agtergrond.

Dieselfde neiging word ook op ander gebiede bespeur. Dit help byvoorbeeld nie om Japannese bestuurspraktyke sonder meer te probeer invoer, en geen aandag te skenk aan ander faktore wat bydra tot die sukses van sulke praktyke nie, soos bv. die hoë standaard van opvoeding en die byna absolute werksekuriteit in Japan.

Kollektiewe bedinging vir alle Suid-Afrikaanse werkers is betreklik nuut en dinamies en ons kan dus gerus kyk na 'n paar vergelykings met die suksesvolle stelsel van Wes-Duitsland, en daaruit probeer leer.

Weiss het gepraat oor wetsuitsprake in Duitsland oor stakings, en hoe dit in die lig van die hele stelsel van kollektiewe bedinging beskou moet word.

In Suid-Afrika is daar die afgelope dekade geweldig vordering met vrye kollektiewe bedinging gemaak, maar dit wil tog voorkom of die meeste bestuurders nog nie die reg om te staak wil aanvaar nie.

Prof Blackie Swart van Stellenbosch se Nagraadse Bestuurskool se navorsing wat hy 'n paar jaar gelede gedoen het, het getoon dat die meeste bestuurslede die reg om te organiseer en die reg om kollektief te beding, aanvaar, maar dat hulle hulle nie kan versoen met die reg om te staak nie. Swart meen dat die posisie sedertdien nie veel verander het nie.

Die media kan in dié opsig 'n belangrike rol speel, het hy gesê. Dit is belangrik dat die reg om te staak deur die publiek aanvaar word as 'n noodsaaklike voorvereiste vir kollektiewe bedinging.

En kollektiewe bedinging is noodsaaklik in 'n markekonomie om die botsende belange tussen werkgewer en werknemers tydelik te versoen.

Permanente oplossings is eenvoudig nie moontlik nie. Sosiale aanvaarding van vakbonde, asook die moontlikheid dat hulle soms kan staak, moet bevorder word. Hier kan die media 'n bydrae lewer.

Volgens Weiss is daar in Duitsland geen spesifieke wetgewing wat die reg om te staak onderskryf nie. Uitspraak deur die federale arbeidshof is onderhewig aan 'n klousule in die grondwet, wat aan werkers die vryheid om te verenig verleen.

Die federale arbeidshof argumenteer dan soos volg: Vryheid om te verenig is betekenisloos indien dit nie lei tot vrye kollektiewe bedinging nie. Kollektiewe bedinging is op sy beurt waardeloos sonder die reg om onder sekere omstandighede kollektiewe optrede te probeer afdwing. Werkers moet dus die reg hê om hul arbeidsmag te onttrek deur ordelik te staak.

Daar mag geen sprake wees van enige straf in die geval van so 'n staking nie, soos die ontslag van werkers bloot omdat hulle staak nie.

Weiss wys daarop dat werkgewers 'n ooreenstemmende reg het om werkers uit te sluit, maar dat dit nie direk eweredig is aan die werkers se reg om te staak nie. Sonder die reg om te staak kan werkers kollektief bedel, maar nie kollektief beding nie! Werkgewers het egter ander maniere om druk uit te oefen.

Hoewel ons in Suid-Afrika praat van vryheid van assosiasie (dit is een van die onderliggende beginsels van ons amptelike mannekragbeleid), bestaan daar geen grondwetlike beskerming nie. Werkers word dikwels ná wettige stakings ontslaan.

'n Interessante ontwikkeling is dat sommige werkgewers begin besef dat sulke optrede die bedingingstelsel self kan benadeel. Om die bedingingsproses te beskerm, word vrywillige ooreenkomste met vakbonde aangegaan. Werkgewers doen afstand van hul regte om stakende werkers te ontslaan, mits ooreengekome prosedures voor die staking gevolg word.

Ongelukkig het ons nog nie 'n klimaat in Suid-Afrika geskep waar die noodsaaklikheid vir onderhandeling deur almal hoog aangeslaan word nie.

# Vrye Weekblad

## 'n Inbreuk op vryheid

DAAR was 'n bomaanval by Ellispark ná 'n rugbywedstryd. Daarom behoort volgende seisoen se rugbywedstryde verbied te word.

Natuurlik is dit 'n belaglike stelling. Maar is dit meer belaglik as om 'n musiekkonsert in dieselfde stadion te verbied?

Wat ook al die redes was wat aangegee is, die verbod op die Reënboogkonsert verlede week het flagrant inbreuk gemaak op die vryheid van die individu in Suid-Afrika.

Wat verstommend is, is dat die belaglike verbod so sonder protes deur die publiek aanvaar is. Het ons só vuisvoos geword onder die outokratiese Nasionale Party-bewind dat ons nie meer omgee nie?

Wat is dit wat verbied is? 'n Musiekkonsert met van die beste Suid-Afrikaanse kunstenaars, onder andere Johnny Clegg en Savuka, Stimela, Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band, Yvonne Chaka Chaka, Bright Blue, ens.

Die ontstellendste deel van die storie is dat die landdros eers vir die kunstenaars gevra het om hul lirieke aan hom voor te lê. Hulle het - met reg - geweier.

Kan enigiemand verkwalik word wat wonder hoekom die landdros die lirieke wou hê as hy in elk geval geglo het daar gaan geweld by die konsert losbars en dit moet daarom verbied word? Kan dit wees dat party van die lirieke, byvoorbeeld dié van Kerkorrel, 'n "politieke strekking" het?

Met respek is ons submissie dat hier nie regsargumente ter sprake is nie.

Daar word aangevoer dat die konsert kon lei tot konflik en misbruik van drank en dwelms. Ons gemeenskap is vol van dié euwels. Waar 'n klomp mense saamkom, is dit heel moontlik dat dié euwels dus kan voorkom.

Was dit al ooit genoegsame rede om sokkerwedstryde op Ellispark te verbied? Of jooloptogte en -biertuine?

Beteken dit nou dat ons nooit weer 'n groot musiekkonsert in Suid-Afrika mag hou nie?

Dit is jammer dat die verbod deur 'n beampte van die hof ingestel is en deur 'n hoër hof bekragtig is. Dit kan die vertroue in die regstelsel as 'n waghond van die vryheid van die individu net verder ondermyn.

Suid-Afrikaners moet wakker word. Geen beskaafde staat mag sy onderdane se vryheid so minag sonder dat die landsburgers daarteen protesteer nie.

## PW en FW

ONS is besig om in die absurde situasie in te beweeg waar niemand wil hê ons staatshoof moet staatshoof wees nie, nie eens die party wat hom tot die pos verkies het nie. En wetlik kan niemand eintlik iets daaraan doen nie.

Dis 'n scenario wat ons gedink het net in piesangrepublieke in Suid-Amerika voorkom.

As FW de Klerk en sy kollegas in die kabinet wil hê die land moet enige respek vir hulle hê, moet hulle nou hul voet neersit en aan PW Botha sê om sy goed uit Tuynhuis te verwyder en te gaan aftree.

Dit maak nie saak hoeveel deernis hulle ook al met hom as persoon het ná sy siekte nie. Hy is steeds net een mens, terwyl die pos dié is van regeerder oor meer as dertig miljoen mense.

PW Botha is nou besig om van die Staatspresidentskap 'n bespotting te maak.

## So sê hulle . . .


**"Die Suid-Afrikaanse** vrou kan die geheime wapen wees teen die aanslae op die land ... sy moet die draer van liefde wees vir die eie en die inisiatief neem om aanslae teen die land en die Nasionale Party af te weer." - Marike de Klerk.

**"Pres PW Botha is** 'n saggeaarde man met 'n fantastiese sin vir humor." - Fleur Ferri, portretskilder.

**"Ek lees** nie koerante nie en ek praat ook nie met koerante nie." - Regter Jan Strydom.

**"Ongelukkig het** vandag se onderdrukkers dieselfde velkleur as die onderdruktes." - Aartsbiskop Desmond Tutu oor verdrukking in Afrika.

**"Haai mens,** hier gaan dit vrot, vrot, vrot!" - Hannetjie van der Mrewe, winkeleienaar op Carletonville, wat deur swart kopers geboikot word.



## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## 'Hogwash. Nothing further from the truth'

**Elizabeth Clogg van Bryanston skryf:**

Could I point out certain fallacies contained in the statements made in your critisism of the letter which I wrote to Business Day (Vrye Weekblad 17.2.89).

"Sekere Progge se bitterheid teen Van is omdat hy een groot waarheid onder hul geparfumeerde neuse gevryf het: die belangrikheid van buite-parlementêre groepe en die beperkte rol van die wit Parlement."

Hogwash. Nothing could be further from the truth. There was never any doubt, that I was aware of, of the importance of extra-parliamentary politics in a country in which most of the population is excluded from Parliament and the legislative process.

For its entire existence the Progressive Party and later the PFP constantly pointed out the limitations imposed by the limitation of Parliament, and the exclusion of all but whites from legitimate political activity.

These attitudes were there long before Van Zyl Slabbert joined the Party. Where Slabbert offended was in his abandoning without any warning both his post as leader of the party and his followers in the middle of the No-Confidence Debate in 1986.

Generals who abandon their armies in the heat of battle are not normally regarded as a good bet for the next campaign, even if they are fortunate enough to survive that long.

Grand gestures which leave everyone else in the lurch may look glamorous to the immature but they are hardly conducive to the building of confidence and trust amongst those who where let down.

Now while I do not doubt dr Slabbert's sincerity in his opposition to injustice, nor his brilliant intellect, nor his extraordinary gifts as a public speaker, I do not have the same confidence in his staying power or in his infallibility as a political guru.

What has been conveniently forgotten by his admirers is his constantly repeated and widely reported opinion prior to 1987 that the CP and other rightist groups had such limited support that they were a negligible political force and could be discounted.

Some of us, quite correctly as it transpired, did not believe him at the time. If he was so far wrong in assessing his own people how can we be so certain that his assessments of the relative strengths and nuances of other political streams are so absolutely reliable. Once bitten, twice shy, as the old cliche goes.

The statement that dr Slabbert and dr Boraine have done more "vir vrede en versoening" than the whole PFP caucus conveniently ignores the long, lonely and courageous stand that Helen Suzman made.

Prominent amongst those who ranged against her were prof Terreblanche and dr De Klerk, staunch supporters of the system she opposed. You overlook too the incredible contribution made both in extra-parliamentary contacts and racial co-operation of the late Molly Blackburn, MPC for Walmer.

Neither dr Slabbert nor dr Boraine has, in my opinion, achieved anything outside Parliament that they could not have achieved as MPs, and their actions and example served to undermine the PFP's position as official opposition to the detriment of both peace and reason in our political life.

One must remember in critisising the image of the PFP that dr Boraine and dr Slabbert were in their leadership positions to a great extent responsible for that image.

When it no longer suited them to hold those positions they ducked, disclaiming all responsibility for the party's well-being. What I did not notice at the time of their vociferous contempt for Parliament was that they very sensibly did not despise the financial benefits of gratuity and pension that Parliament gave them.

Could I point out in conclusion that I was born, educated, lived and worked in the three Central African territories and then spent many years in the Vaal Triangle.

My experience of both African and South African politics extends well beyond the boundaries of Johannesburg. My nose was nurtured not on imported French perfume of the Northern suburbs but on the scents and smells of Africa.

I have seldom anywhere witnessed such wide-eyed naivete as Peter Gastrow's report to the PFP Regional Council on his return from Lusaka. I would have been too nervous to listen to him when he returned from the excitements of Dakar.

I trust that dr Slabbert has a more accurate and more realistic evaluation of politicians who are more sophisticated and experienced, particularly in their international political contacts, than anyone the South African political world can produce, excepting perhaps Helen Suzman.

## Achterberg, Neruda en ... Hambidge!

**Joan Hambidge van Pietersburg skryf:**

In die Vrye Weekblad van 17 Februarie verskyn daar drie briewe waarin my reaksie op Gerrit Olivier se aanvalle veroordeel word. Nou weet ons sedert die Three Stooges dat grappe gewoonlik in drieë aankom.

Aan die Mielieboer uit Louis Trichardt: kennelik is dié heer bedreig deur my produksie. Terselfdertyd word ek van impotensie beskuldig. Kan 'n mens óór-produktief én impotent wees?

Om my 'n "fame slave" te noem, vind ek verspot. Diegene wat eendag (sê so oor 'n honderd jaar) die psigoses van ons pre-revolusionêre tydperk sou analiseer, behoort af te kom op die een groot gemene deler: 'n bedreiging deur alles en almal.

Waarom, byvoorbeeld, skryf Mielieboer nié sy regte naampie vir ons neer nie?

En ene Dr Joyce Wengrove se stukkie is so ver van die waarheid verwyder dat 'n mens wonder of sy nie maar eers 'n bietjie moet navorsing doen, alvorens sy die Afrikaanse letterkunde betree nie? Want kyk: die doktor meen ek val diegene aan wat my boeke sleg geresenseer het! Dit is nie korrek nie.

Om haar bv verkeerd te bewys: Gerrit Olivier het nog nooit 'n resensie oor een van my digbundels geskryf nie en ek kan haar terloops verder daarop attent maak dat my bundels nie net slegte resensies uitgelok het nie!

Háár mening oor my poësie is gewoon 'n mening - en haar goeie reg. Om egter produksie en gehalte gelyk te stel, is die finale bewys van die doktor se onkunde. Hoe gemaak met Gerrit Achterberg of Pablo Neruda?

Die mooiste brief kom egter van Herman Lategan uit die Kaap.

Die jonge heer se eweneens bitsige aanval op my kan net met een woord beskryf word: projeksie. Wáárom gaan bestudeer hy nie liewers Jung et al nie.

Het jou ouers jou dalk mishandel sodat jy ander daarvan verdink?

Maak vrede met jou skaduwee sodat die poësie wat jy skryf kan uitkom en jy nie langer sal nodig hê om aan suksesvolle digters was te klou nie.

Ek het onder meer ook vele naslaanwerke oor hoe om vreemde stede te hanteer, vreemde en meer suksesvolle mense aan te spreek en vrede te maak met jouself.

Oor die groter relevansie van my en Gerrit Olivier sal die tyd maar moet besluit. Beslis nie dié drie briefskrywers nie.

(Brief onverkort.)

# 'n Griekse tragedie of Boere-slapstick?




AS dit nie so belangrik was vir ons land se toekoms nie, sou die hele petalje om PW en FW en die presidentskap darem baie vermaaklik gewees het.


Aan die ander kant, wat kan 'n mens anders doen as om te lag oor die teater van die absurde wat besig is om hom in Tuynhuis en die wit parlement af te speel?

FW de Klerk is dié week presies 'n maand lank al hoofleier van die Nasionale Party. Die NP is die party wat die land regeer, beleid maak en kritieke besluite neem. Dis ook die party wat die Staatspresident aanstel.

Maar in dié vier weke het arme FW nog net een kort oudiënsie met Sy Edele die Staatspresident gekry: vier dae ná sy verkiesing.

Nou hoor Brolloks dat PW 'n hele paar keer al met ander ministertjies oor die foon gepraat het oor allerlei dinge, maar nog nie met FW nie. Hoekom? Want FW was nie PW se keuse vir hoofleier nie!

En soos 'n stout kind probeer hy nou spiteful wees. (G'n wonder PW het so goed met keiser Bokassa, die mensvreter-diktator van die Sentraal-Afrikaanse Republiek, en Mobutu Sese Seko, diktator van Zaire, klaargekom nie!)



In November verlede jaar het Vrye Weekblad 'n ligte storietjie oor die NP-kongres in Transvaal geplaas waarin die party met 'n sieklike en bitterbek ou man vergelyk is. Daar was 'n skets van PW by en die opskrif het gelees: Wie wil dié ou man nog hê?

Nasionaliste, verlig en verkramp, skelm en skoon, het deur die bank heftig gereageer en gesê dit was in swak smaak teenoor die Volksheld, soos Egbertus Klaagvoort hom noem, omdat party mense kon dink die verwysing was na hom. Maar dit is kinderspeletjies vergeleke met die goed wat Nasionale LP's die afgelope tyd van PW Botha sê.


* Watter klomp valsgatte, soos Bittergal se oupa sou sê.

## Meesterlik?

So van valsheid gepraat: party mense het darem nie 'n sin vir subtiliteit nie.

Nasionalis, die NP se propagandablaadjie (en julle het altyd gedink dis Die Burger!), skryf in sy Februarie-uitgawe onder meer: "Opponente van die NP moes gou tot hul ergernis agterkom dat die geleentheid om gif te saai uit 'n sogenaamde 'leierskapskrisis' hulle totaal ontneem is deur pres PW Botha se meesterlike hantering van sy uittrede as partyleier."

* Maar miskien was daar tog 'n bietjie subtiliteit in Nasionalis: langs dié storie plaas hulle 'n tekening van al die NP-hoofleiers sedert 1948. Dit loop van DF Malan af tot by PW en verby tot by FW. En die insinuasie is half duidelik: FW is die enigste een wat nie ook staatshoof was nie.




## Sien my raak! Sien my raak!

Wonderlike storie dié week van Peter Gastrow van die NDB wat in die Parlement vra: "Wie bepaal die beleid van die nuwe NP?" 'n Koor het opgegaan: "Die hoofleier! Die hoofleier!"

Volgens die manne in die persgalery was die voorskreeuer Piet Coetzer, die LP vir Springs.

Dis dieselfde Piet Coetzer wat tot voor sy verkiesing 'n politieke skakelmaatskappy met Willem de Klerk van die te stigte Demokratiese Party gehad het met as belangrikste kliënt die Arbeidersparty van Allan Hendrickse.

Dieselfde Piet Coetzer wat 'n gloeiende boek oor Hendrickse geskryf het.

Dieselfde Piet Coetzer wat, toe hy nog politieke skrywer van die Transvaler was, die verslag oor die Info-skandaal vroeg gelek het om Connie Mulder se kanse om Eerste Minister te word, te verbeter.

Dieselfde Piet Coetzer wat verlede week in 'n Engelse Sondagkoerant genoem is as 'n moontlike nuwe aanstelling as adjunk-minister.

* Geskat volgens die beskikbare talent is Piet miskien nie so 'n slegte keuse nie. En dis goeie taktiek om nou jou kleure te wys - meer as dertig van die 16 man wat vir Pik gestem het, het al vir hom gaan sê hulle het vir hom gestem, en meer as 70 van die 69 wat vir FW gestem het, het al gaan vertel hoe hulle hul kruisies agter sy naam getrek het.

En niemand het gebodder om vir Chris Heunis te gaan sê hulle het vir hom gestem nie.

## Ken en die Boere

'n Lekker debat dié tussen Ken Owen van Business Day en Sampie Terreblanche van Stellenbosch waaroor ons dié week berig. Ten minste is Ken, die redakteur met die skerpste pen in die land, nooit vervelig nie.

Maar vir dié wat al gewonder het hoekom Ken so sukkel om vir Afrikaners lief te word, het Bittergal die volgende storie gehoor wat blykbaar deur die "Rambo of the syndicated columns", soos Johan Graaff van Stellenbosch hom al genoem het, self by geleentheid vertel is:

Ken het naamlik sy kinderdae in die metropolis van Lydenburg deurgebring. Hy was die enigste Engelssprekende in die (baie) Afrikaanse skool, en byna elke kortpouse én langpouse het die groter seuns hom geboelie.

* Laat Bittergal aan sy oupa dink wat nou nog nie die Engelse vergewe het vir die glasstukke in die mieliemeel in die konsentrasiekampe nie.

**Mense wat wil inteken op Vrye Weekblad se Teken FW-kompetisie sal moet uithang om hierdie poging van Alistair Findlay te klop. Hy sou beslis die Teken Marike-kompetisie gewen het as daar een was. (Miskien moet ons hom vra om 'n spotprent van die uitgaande Moeder van die Nasie saam met Marike te teken!)**

## Joggie

Gehoor wat die Afrikaans is vir "toy boy"? Hoe klink "pompjoggie"?

# Geliefdes, Grootbek maak 'n comeback

LENDENE word miskien nie omgord nie, maar 'n verdwaalde pruikie word met volle swier uit die oornag-marinade gevis om die Noble Head te versier. Sy Edele A Ragsbanjo het 'n nuwe strategie. Alweer.

Soos 'n afgeleefde ou koei herkou Sy Edele die nuwe sluwe maneuvers, dis dié dat Sy Edele se kieste so swierig staan.

Die jongste manewales behels glo die stigting van 'n party vir "puriste".

Voordat julle onbeskaamd tot die gevolgtrekking kom dat dit uiteraard puriste van die onderwêreld moet wees, moet Egbertus julle in die bek ruk.

Nee, vrinde, Sy Edele is nou net mooi siek en sat vir die gekonkel in die politiek, sien, en wil hom nou beywer vir Skoon Administrasie.

Voorwaar ek sê vir julle, soos waterpokkies slaan die Skoon Administrasie nou in die mees onverwagte plekke uit. Sy Edele beoog glo dat hy omring sal wees deur lede van "hoë kaliber". Die hart word sommer week van sulke idealisme wat werklik glo dat Sy Edele se besondere magnetisme "hoë kaliber" sal aantrek.

Miskien darem eerder die teendeel, U Edele?

Vir diegene van julle wat op ekspedisies in Antarktika was en nie op hoogte van die nuus is nie, sal dit alles natuurlik as 'n ligte skokkie kom.

Maar knip die kruisbande vas, onskuldiges, want die beste kom nog. Te kostelik vir woorde.

Sy Edele se nuwe party, seg hy, "will concentrate on exposing wrongdoers"!

Hy vind glo die bloedskandige gevryery in die Huis van Afgevaardigdes "shocking, disgusting and shameful".

Het nie geweet Sy Edele ken juis dié begrippe nie.

Ek lei af hy bedoel hy hou nie van die klas van dinge nie.

Haai? 'n Mens kan sulke cheek maar net bewonder. Dit kos jare en jare se oefening.




Egbertus Klaagvoort

## Van FW na PW ... o wee!

'n Comeback van 'n ander aard is besig om die prettigste verwarring (amper sê ek verwoesting) te saai in Nasionale geledere. Die Volksheld is glo met een voet op die reguit en noue paadjie na die Tuynhuis. Up the garden path, kan jy maar sê.

En madam De Klerk se minder bekende wederhelf hou nie te veel daarvan nie. Die land is nou net mooi aan die ontspan na die tirades van die afgelope dekade. En toe, skielik, kom daar 'n middelmatige dreuning by die kus af, en almal begin weer sidder en beef.

Die taak die op zijn schouders rust vervulle hij met trouw en lust. Dis seker maar moeilik om van soveel mag afstand te doen. En dit laat arme FW met iets baie na aan 'n windeier.

Maar maak dit nou juis 'n verskil aan die heil van volk en staat? Van PW na FW ... o wee!

## Claunders, die meester

Thans in de donkre nacht kan ons maar net onse sterre dank dat ons 'n lig soos dié van Cliff Saunders in ons midde het. Hierdie meester van onderhoudsvoering se kop is nou ook al so disnis van al die verwronge opinies wat hy dag na dag in mense se monde lê, dat hy hierdie week skoon die kluts kwytgeraak het.

Dié arme vent was so daarop uit om Winnie you know who te diskrediteer (en daarmee saam ook sommer die democratic movement wat haar verwerp het) dat hy om steun vir sy vitriool by die ANC gaan aanklop het!

Die uiteinde was dat die ANC lof toegeswaai is vir die konsekwente wyse waarop hulle die Winnie-gedoente hanteer het. Stoffel B se ore rek seker nog 'n meter of wat as hy dit hoor. Hy hou dan 'n opinie dat dit sondig is om die ANC enige krediet te gee, en is 'n Staatmaker se opinie dan nie so goed as wet nie?

# Castle-liga skop af

**George Pearl**

'N WEDLOOP wat nege maande lank duur klink nie baie opwindend nie.

Maar in enige sokkerspelende land is dit die ligawenners wat op die titel van kampioen kan aanspraak maak.

Veral in die Nasionale Sokkerliga (NSL), waar die een bekerkompetisie die volgende met 'n groter trompetgeskal opvolg, druk die Castle-liga, wat vanaand afskop, dinge weer terug in perspektief.

Dit mag mense dalk verras dat Kaizer Chiefs, hul glansende reputasie ten spyt, nog nooit hierdie kompetisie - wat sekerlik die taaiste in die NSL is - gewen het nie.

Die statistieke alleen is skrikwekkend. Die liga-program neem die begin Maart 'n aanvang en eindig einde November. Elk van die 18 spanne speel 34 wedstryde wat sokkergeesdriftiges met 'n totaal van 306 wedstryde gaan laat om uit te kies!

Ten spyte hiervan is die top vyf plekke in die Castle-liga eers met die heel laaste wedstryd van verlede seisoen beslis.

'n Naweek se liga-wedstryde het nie die bekoring van 'n beker-finaal nie.

Maar teen Maandag het elke wedstryd 'n stukkie bygedra tot 'n ingewikkelde legkaart - wie haal die Top Agt, wie skuif af tweede liga toe, watter klub lig die gesogte trofee en wie steek die eerste prys van R110 000 in sy sak.

Die eerste rondte van nege wedstryde bestaan gewoonlik uit derby's tussen spanne in dieselfde stad of provinsie.

Eerste op die spyskaart vanaand, braai Wits en Grinaker Rangers mekaar op Milner Park. Wits het puik aanvallende sokker teen Chiefs in die tweede been van die BP Top Agt-finaal gespeel en was ongelukkig om te verloor.

Hierdie wedstryd is in die verlede gekenmerk deur nie veel meer as spelers wat mekaar se skene stukkend skop nie.

Die groot wedstryd word Saterdag op die Orlando Stadion tussen Chiefs en Orlando Pirates gespeel. Dié stadion het altyd 'n spesiale atmosfeer op derby-dag.

Hul oorwinning Saterdag van 4-1 oor Super Kurl Aces, sal 'n huppel in Pirates se stap sit. Daarby is Johnny Masegela en Bashin Mahlangu goed op dreef.

Tog lyk Chiefs die meer gevestigde span op die oomblik.

Neutrale sokkergeesdriftiges gaan 'n moeilike keuse Saterdag hê, en ek sal koers kies op die N1 vir die Pretoria-kragmeting tussen Arcadia en die verdedigende kampioen Mamelodi Sundowns op Berea Park.

Die hoofrol in Sundowns se sterbelaaide rolverdeling word deur hul nuwe aankoop, Ernest Chirwali, gespeel. Teen R120 000 is hy die duurste speler ooit in die liga.

Hy is in goeie geselskap met agterspeler, Sam Khambule, doelwagter, Mark Anderson, en die wisselvallig briljante doelskieter, Andries Chitja.

Arcadia sal egter nie oor hul laat loop nie. Deshi Baktawer, wat die afgelope week aangewys is as die doelwagter van 1988, en die geharde agterspeler John Salter frustreer enige doelhonger voorspeler tot trane.

Sondag word nog vier derby's uitgeveg, plus twee wedstryde vir dié sonder derby's.

Cape Town Spurs, gasheer vir Hellenic op die Athlone Stadion, het in 'n stadium verlede jaar gelyk asof hulle gedoem was tot die tweede liga, maar het weer opgesaal en sterk geëindig.

Zambiese doelskieter Philemon Mulala, wat 'n groot bydrae tot hul herlewing gemaak het, is terug in hul geledere en dit gaan beslis tel.

Hellenic kyk baie dieper in hul verlede terug vir inspirasie. Die kleurryke Budgie Byrne, bestuurder tydens die klub se goue jare in die sewentigs, vat die leisels as mede-bestuurder saam met Billy Anderson vas.

Die groot Warren Jack - 'n dodelike doelskieter as hy die dag tyd het - het intussen aangesluit by hulle van Amazulu af. Wat ookal nou met hom gebeur, moet hy bly wees dat hy nie meer by Amazulu is nie. Amazulu speel op Kings Park teen Bush Bucks, en dit kan op 'n ramp uitloop.

Langer as 'n jaar al is daar tweespalt in Amazulu met twee faksies wat albei beweer dat hulle die klub beheer.

Daar is op die oomblik twee spanne, wat elke sy eie bestuurder het - Dave Roberts en Gordon Ingesund. Gerugte doen die rondte dat albei faksies hul span op die veld wil stoot teen Bush Bucks. Nie iets vir toeskouers met swak harte nie.

Fairway Stars was 'n kortkop voor as gunstelinge in die Vrystaat-kragmeting teen Magic Curl Celtic, net omdat hulle 'n bestuurder gehad het. Dié voordeel is vandeesweek uitgewis toe Ted Dimitru sy goed gevat en geloop het om Stars so leierloos soos Celtic te laat.

Op die Orlando Stadion kry die nuwe aankomelinge in die liga, Giant Blackpool, te doen met 'n Moroka Swallows-span wat hul ongeduldige ondersteuners wil tevrede stel.

Die ander nuwelinge in die liga, Vaal Reefs Stars, is gasheer vir Leeds United in Orkney. Leeds se eienaars het hul hele klub aan die begin van die seisoen te koop aangebied en begin dus maar wankelrig

Die eerste rondte word afgesluit met die ontmoeting tussen Super Kurl Aces en Jomo Midas Cosmos in Witbank. Cosmos, die kampioene in 1987 en naaswenners verlede jaar, maak altyd die liga hul prioriteit.

Na die loesing wat Aces verlede naweek op die lyf geloop het, sal Cosmos teleurgesteld wees as hulle nie met twee punte in hul sak van die steenkoolvelde wegry nie.




**Sundowns se doelwagter Mark Anderson**

*Foto: Victor Matom*


# DIE KOERANT VIR LESERS WAT TÉL

# Vrye Weekblad

**Beroepsmense . . .**
**Sakemense en senior administrateurs . . .**
**Akademici . . .**
**Studente . . .**
**Kunstenaars en skrywers . . .**

ONS IS DIE STEM
VAN DIE NUWE SUID-AFRIKA

**Hou op mompel . . . adverteer in Vrye Weekblad**

**Bel nóú vir Gwynne Bramley Wray by 836-7236**

# Alan Toweel uit 'n ryk tradisie

**Alan Toweel het grootgeword in 'n boksgesin wat die bokstoneel in Suid-Afrika jare reeds oorheers. CHARLES LEONARD het met hom gaan gesels**

"DOOD in die bokskryt is 'n baie hartseer ding. Maar ek weet van baie mense - selfs familielede - wat in hul slaap dood is, en niemand sê dat ons moet ophou slaap nie," sê alombekende Suid-Afrikaanse boksafrigter en bestuurder, Alan Toweel.

"Volgens 'n opname wat in Amerika gemaak is, is boks maar die veertiende gevaarlikste sport."

Die vuishou van 'n professionele bokser tref jou kop met 'n impak van meer as 450 kilogram. Wat dan van breinskade?

"Ek kan nie daarteen stry nie. As jy as afrigter nie weet hoe om jou vegter te hanteer nie, en as hyself te lank in die 'game' bly kan hy beseer word.

"Ek glo Muhammed Ali het te lank gebly. As hy uitgetree het nadat hy die titel van Spinks gewen het, sou hy honderd persent beter gewees het."

Toweel het op die ouderdom van nege op sy tuisdorp Benoni begin boks. Hy het as senior amateur die Suid-Afrikaanse papiergewigtitel gewen, en was as professionele bokser onoorwonne in tien gevegte.

Weens 'n asmaprobleem het hy uitgetree en hom soos sy vader op afrigting begin toespits.

Pappa Toweel was self 'n vermaarde bokser. Hy het as jong man vir die 1924 Olimpiese Spele gekwalifiseer maar kon nie deelneem omdat sy ma nie wou nie.

"Sy wou nie eens hê dat hy Durban toe reis nie!"

Die hele Toweelgesin was nog altyd in en om die kryt. Pappa het die seuns almal deur die amateurgeledere laat boks.

Vicky was die suksesvolste. Hy het in 1950 wêreldkampioen in die kapokgewigafdeling geword. Jimmy was Suid-Afrikaanse ligswaargewigkampioen.

Willie het die Statebond se ligswaartitel gewen en het terselfertyd vyf Suid-Afrikaanse titels gehou.



Alan Toweel wys hoe dit gedoen word

Van Fraser sê Alan dat hy 'n slim vegter was, maar geen titel gewen het nie.

Maurice, wat in 'n rolstoel is, is promotor en betuurder in eie reg.

Saam met sy huidige vegter, Pierre Coetzer, het Alan Toweel al 16 Suid-Afrikaanse kampioene onder sy vlerk gehad en het ook in nege wêreldtitelgevegte bygestaan.

Oor sy Amerikaanse metode van afrigting is hy geheimsinnig omdat hy nie sy afrigting wil "ondermyn" nie.

Hy glo nie aan die romantiese idee dat jy 'n wêreldkampioen op 'n afstand kan raaksien nie. 'n Vegter is een wat hard werk en swaar kry.

Hy moet lief wees vir boks, 'n 100 persent goeie houding hê, kan opoffer, 'n harde hou kan vat, maar nie noodwendig 'n harde hou kan slaan nie.

"Die belangrikste is jou hart. As jy van die krytvloer af kan opstaan en terugkom vir meer, is jy reg."

So 'n bokser, glo Toweel, is Pierre Coetzer: "Hy het 'n hart so groot soos die Standard Bank Arena.

"Boks is die enigste sport op aarde waar jy nie 'n grap kan maak nie, want jy gaan ernstig seerkry."

Daar is min kere wanneer 'n man werklik alleen is en die kryt is een van daardie plekke. Dit is net jy en die ander bokser en die kryt kan baie klein raak.

Vrees moet 'n baie werklike gevoel daar wees. Toweel verkies egter om van "senuweeagtigheid" te praat.

Hy het 'n manier waarmee sy boksers dit in 'n groot mate oorkom. Dit gaan oor afrigting. Hulle leer eers om te verdedig en daarna voetwerk en slaanwerk. Die vegters moet eers leer om hulself te verdedig.

Elke dag hoor mens van die volgende wêreldkampioen uit eie bodem. Hoekom sien ons hulle nooit nie?

"Suid-Afrika ontwikkel boksers die vinnigste, waarna hulle weer die vinnigste val ook."

Toweel glo die probleem lê by die feit dat boksers nie genoeg ondervinding opdoen voordat hulle die groot kanonne aandurf nie.

Pierre Fourie, wat ook deur Toweel afgerig is, het eers na 44 gevegte sy eerste geveg om die wêreldtitel gehad.

Coetzer het 28 gevegte gehad en "hoe langer ek hom kan hou voordat hy die wêreldkampioen aandurf, hoe beter".

Deel van die probleem lê daarby dat Suid-Afrikaners nie soveel teenstanders plaaslik het nie en as die kans hom voordoen moet dit met albei hande aangegryp word.

Op 18 Maart veg Coetzer teen James Pritchard in die Standard Bank Arena. Toweel deel nie die sentimente van talle boksskrywers dat die Amerikaner 'n paloeka is nie.

"Hy is 'n goeie vegter," sê Toweel. "Ek gebruik hom om my bokser te ontwikkel en nie as maatstaf van hoe Pierre teen Johnny du Plooy kan vaar nie."

Du Plooy en Pritchard het al twee vorige ontmoetings gehad waarvan die Suid-Afrikaner albei gewen het.

Vir Brian Mitchell, Suid-Afrika se enigste huidige wêreldkampioen, het hy die wêreld se respek. "Brian kry ongelukkig nie altyd die krediet wat hy verdien nie."

Wat is Pierre se kanse om ook die gesogte kroon te dra?

Toweel glimlag en sê: "Nog agtien maande en dan pak hy Tyson."

# Nuwe Conquest maak skoonskip

**Len Wagenaar**

DIE oue en die nuwe. Die eerste en die laaste. So kan 'n mens Toyota se oorwinning in die naweek in die Tour de Valvoline-tydren opsom.

Met die splinternuwe Toyota Conquest RSi met 'n sestienklepenjin van 2 liter sonder turbokrag het Serge Damseaux en Vito Bonafede die eerste tydren onder die nuwe bepalings vir tydrenmotors gewen.

Verlede jaar het dieselfde twee in die ou turbo-aangejaagde vierwielaangedrewe Toyota Conquest die laaste tydren onder die ou bedeling ook gewen.

Met dié vertoning het Toyota weer eens gewys hy is 'n krag om mee rekening te hou in die sportmotorwêreld. Die manier waarop hulle hul motors voorberei en aan die loop hou, is uitstekend.

Nie minder nie as veertien sneltrajekte het aan Damseaux/Bonafede behoort.

Tweede was Sarel van der Merwe/Franz Boshoff in 'n Volkswagen Golf GTi 16V. Super Sarel het so wat hy kan uitgehaal in die "halwe" Golf, soos hyself gesê het, maar alles was puur verniet. Niemand kon die vlieënde Toyota vang nie.

Sarel se motor het nog net tweewiel-aandrywing en is nog nie volledig volgens Klas A-spesifikasies voorberei nie.

In Klas B was Frank Lindermann en Johan Sieling eerste in 'n Golf GTi met die Skyline van Jannie Habig/Douglas Judd net na hulle en vierde algeheel.

Met 'n bietjie teenstand van Volkswagen en met 'n vierwielaangedrewe Sentra van Nissan op pad, behoort sake in tydrenne voorentoe nog meer opwindend te wees.

Môre kan die hare weer waai op die Goldfields-renbaan buite Welkom in die WesBank-wedren vir gemodifiseerde sedanmotors.

Willie Hepburn, renjaer van die Oos-Rand, se Opel Rekord met 'n massiewe V8-enjin is gereed en hy sal Sarel van der Merwe in die Audi Turbo Quattro Sport en Hennie van der Linde in die Nissan 300ZX die stryd aansê.

Ongelukkig is die motors van Ian Scheckter (Ford Sapphire Cosworth) en Hannes Grobler (Nissan Skyline Turbo) nog nie gereed ná hul ongeluk op Killarney nie. Ford het ook nie Graham Duxbury se Sapphire Cosworth vir die wedren ingeskryf nie.

# Wys Nuweland se skare Transvaal iets?

DIE Westelike Provinsie het verlede naweek op Nuweland vriend en vyand onkant betrap toe hy Transvaal op Nuweland in die eerste been van die Nissanskild-eindstryd geklop het.

Die wedstryd het al die eienskappe gehad wat van eendaagse krieket so 'n gewilde stiefbroer van die tradisionele Engelse spel maak. Daar was opwinding, drama... en eers met nog net twee balle oor is die wedstryd beklink.

Dit alleen maak van die wedstryd nie so iets besonders nie. Trouens 'n klompie jare gelede het Clive Rice 'n wedstryd op Nuweland met die laaste bal beklink. Wat die wedstryd egter tog gedenkwaardig gemaak het, was die Westelike Provinsie se ondersteuners.

Hul gesing en gejuig het Cardiff Arms Park na 'n plattelandse kerkkoor laat klink.

Die mense wat so uiting aan hul emosies gegee het, was nie wit nie. Hulle was net normale sportondersteuners wat op 'n Saterdagmiddag op 'n normale manier uiting gegee het aan hul emosies.

Daarmee word niks bewys nie. Of word daar?

Miskien tog. Miskien is daardeur bewys dat sport as 'n samebindende faktor in die komplekse samelewing van Suid-Afrika nog altyd onderskat is.

Sport-toeskouers oor die hele wêreld het hul gunstelinge en ondersteun hul gunstelinge. Aan die einde van die dag is daar vreugde en teleurstelling.

In die keuse van jou gunsteling word faktore soos kleur, geloof en politiek van minder belang. Die man op wie jou keuse val bewonder jy oor sy vermoë om te kan presteer.

As Suid-Afrikaners op 'n Saterdagmiddag vir 'n wonderlike paar ure skouer aan skouer 'n span kan ondersteun, is daar dan enige goeie rede hoekom hulle as hul deur die hekke van die sportveld stap mekaar moet begin skiet en saboteer?

Saterdagmiddag was die Kaap bly dat die Westelike Provinsie gewen het. Is dit te veel om te verwag dat Suid-Afrika kan bly wees dat 'n Suid-Afrikaanse span of sportman presteer?


Het iemand al gewonder hoekom die Kaap en meer besonder die Westelike Provinsie kan aanspraak maak op 'n kleurlose ondersteunersgroep, terwyl Transvaal op die Wanderers of Ellispark 'n Omogroepie het wat hom ondersteun?

Verre is dit van my om daarin groot politieke stellings te sien. Ek sou ook nie dink dat die mense wat die Westelike Provinsie ondersteun hoegenaamd probeer om 'n politieke stelling te maak nie.

Baie slim mense sal seker verduidelikings hê vir die fenomeen. Self het ek dalk 'n vermoede dat daar moontlik tog iets is wat deur meer as net sportmanne waar te neem is uit hierdie verskynsel.

Miskien kan sport tog help om probleme op ander plekke te help oplos. Sport bied aan die mens 'n gemeenskaplike deler waardeur ander verskille klein en onbenullig gemaak word.

Jammer dat die bate van sport dikwels misgekyk word en aangetas word deur mense wat bedoelings het wat met sport niks te doen het nie.



**Lappe Laubscher**
**op die skoonveld**

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

SPORT

Vrye Weekblad

**Alan Toweel gesels oor boks - 15**

**Chiefs en Pirates hoofdis op die spyskaart - 14**

# Wes-Kaap se 'visse' die gunstelinge

**Cheryl Roberts**

TITANIESE stryde en rekords wat spat word voorspel vir die nasionale kampioenskap van die Sacos-geaffilieerde Amateur Swemvereniging van Suid-Afrika (Asasa) wat van Maandag tot Saterdag in die Paarl plaasvind.

Boland speel gasheer vir die ses dag lange toernooi wat bekend is vir sy trane, vreugde en vriendskapsbande.

Hierdie belangrikste gebeurtenis op die nasionale swemkalender is die grootste toernooi wat nog deur Asasa aangebied is.

Sewe geaffilieerde unies gaan meeding in swem, water-polo en gesinkroniseerde swem. Die spoed en stamina van spanne uit Transvaal, Natal, Grens, Oostelike Provinsie, Wes-Kaapland, Boland en Griekwas gaan teen mekaar ingespan word.

Die Paarlse gemeenskap, veral die aanhangers en voorstanders van nie-rassige sport, gaan hul deure oopgooi vir die ongeveer 350 deelnemers. 'n Plaaslike onderneming het alreeds sy hand diep in sy sak gesteek met 'n borgskap van R15000.

Alle deelnemers en afgevaardiges gaan by lede van die plaaslike gemeenskap tuis omdat hotelakkommodasie te duur is en groot sakeondernemings oudergewoonte 'n Sacos-byeenkoms ignoreer.

Nodeloos om te sê, speel die insameling van punte, inpalming van rekords, en die aanteken van doele, die hoofrol op die kampioenskap.

Die oë van die vurige plaaslike ondersteuners sal op Priscilla Neethling en Imraan Khan gerig wees om die knoop vir Boland deur te haak.

'n Mens wil nie koue water op hul ondersteuners se geesdrif gooi nie, maar Boland het nie genoeg diepte om as inter-provinsiale kampioen uit die stryd te tree nie, veral met sterbelaaide spanne soos dié van aartsvyande Natal en Wes-Kaapland.

Natal se mond water vir die nasionale kroon. Dit belowe weereens mededinging van elektriese gehalte tussen hulle en die huidige kampioen, Wes-Kaapland. Die Piesangboere glo juis dat die beker al te lank in die suide kuier.

Soos dinge nou lyk, moet Natal maar hul lus bedwing omdat talle van hul kampioene die swembad vaarwel toegeroep het.

Tog gaan die drie Meth-broers, Keith, Brenton en Rowan, die water met 'n rekordslaan-bui tref om die Natallers sterk mededingers vir die gesogte beker te maak. Daar gaan dalk net te swaar op dié drie gesteun word.

Wes-Kaapland het genoeg sterre in hul span om 'n olimpiese swembad te laat oorloop.

Aan die voorpunt is 1988 se Asamaswemmer van die jaar, Cindy Master, wat saam met verlede jaar se hoërskole-kampioen, Naheed Najaar, en "mede-visse" Yacoob Hajwani, Rushdi Warely en Melanie Wagner, die pad nat gaan trap na die wennersrostrum aan die einde van die kampioenskap.

Transvaal se kanse om hond haaraf te maak is klein omdat hulle net 13 swemmers afstuur. Alle hoop sal op rugslagspesialis, Liesel Jacobs, wees om Transvaal ook in die rekordboeke te kry.

Een ding is duidelik - hul borsslagswemmers sal oudergewoonte die toeskouers genoeg gee om oor te juig op 'n byeenkoms wat baie kele seer geskree gaan laat.

# Die uur van waarheid vir Transvaal

**Chris van Vuuren**

DIE Transvaalse krieketspan se uur van waarheid het aangebreek. Clive Rice se span kon vir geen groter toets vir hul veggees en karakter gevra het as juis hierdie naweek se tweede been van die Nissanskild-eindstryd op die Wanderers nie.

Saterdag sal die Transvalers moet wys dat hulle die benaming kampioenspan waardig is. Hulle veg uit die laaste loopgraaf en is met die rug teen die muur nadat die Westelike Provinsie verlede Saterdag op Nuweland die eerste been in 'n naelbytstryd met die voorlaaste bal van die wedstryd gewen het.

Transvaal moet dus nou Saterdag se wedstryd wen om 'n beslissende derde stryd Sondag te bewerkstellig. Maklik sal dit beslis nie wees nie, al speel die Transvalers voor hulle eie mense.

Die Wanderers sal stampvol wees, wat nog méér druk op die spelers sal plaas, en senuwees van staal is beslis hier 'n vereiste.

WP ry tans op die kruin van die golf en dit sal 'n grootse poging van Transvaal vereis om die Kapenaars terug te bring aarde toe.

Adrian Kuiper se span het nog nooit goed gevaar op die Wanderers nie, maar hulle moreel is nou só hoog dat hulle heel moontlik hul spelpeil op die Wanderers sal kan verhoog.


Rice sal Saterdag dus gou 'n slag moet slaan om aan sy span die sielkundige voorsprong te gee. In die Curriebeker-wedstryd hier het die WP kolwers soos 'n kaarthuis inmekaar getuimel. Sedertdien het hulle egter 'n metamorfose ondergaan en loop die kolwers deesdae oor van selfvertroue. Transvaal sal dus met 'n paar vinnige paaltjies hul stempel op die wedstryd moet afdruk, anders is daar moeilikheid.

Lawrence Seeff en Daryll Cullinan kolf soos sterre en kan die Transvaalse boulers aan flarde slaan. Van hulle sal vinnig ontslae geraak moet word.

Jimmy Cook, Henry Fotheringham, Roy Pienaar, Kevin Rule en Rice sal 'n telling moet daarstel wat buite die WP se bereik is.

Dan sal Neil Radford, Rod Estwick en die ander boulers WP sodanig moet vasknoop dat hulle foute begin maak. Dit is al manier hoe Transvaal die wedstryd kan beklink en verseker dat die wenner in 'n derde wedstryd bepaal sal word.

In die Kaap is daar beslis hierdie week 'n hele paar rëendanse uitgevoer, aangesien WP die skild sal wen indien geen spel deur rëen moontlik gemaak word nie.



Johhny du Plooy na verlede Saterdag se geveg teen Mike Rouse
*Foto: Riaan Smit*

# Is hierdie man 'n wêreldkampioen?

**Lappe Laubscher**

JOHNNY DU PLOOY moet na Saterdagaand die titel kry dat hy die mees besondere swaargewig in die geskiedenis van wêreldboks is.

Nog nooit in die geskiedenis het 'n swaargewig-bokser met so 'n onindrukwekkende vertoninglys al om 'n wêreldtitel geboks nie, en dit gaan in April gebeur.

Saterdagaand het Du Plooy vir tien rondes in die kryt rondgeploeter teen 'n uiters gemiddelde Mike Rouse. Na die geveg het die propagandamasjien dit uitbasuin dat Du Plooy nou vir vriend en vyand bewys het dat hy ernstig is met sy boksloopbaan en dat hy fiks is.

Enige objektiewe waarnemer kon egter van niks oortuig raak nie. Du Plooy se houetempo was so laag dat enige redelik jong man dit sou kon handhaaf.

Die kombinasie houe wat hy tentoongestel het was werklik verbeeldingloos.

In April veg Johnny egter om die wêreldtitel in Italië. Graag wil 'n mens met groot opgewondenheid 'n Suid-Afrikaanse bokser ondersteun wat die kans kry om om roem te verwerf.

Die geval Du Plooy maak dit net nie moontlik nie.

Trouens, die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad se integriteit moet ernstig bevraagteken word. Pas is aangekondig dat die Raad na 'n behoorlike ondersoek na die tragiese omstandighede om die dood van Brian Baronet in die toekoms ernstiger gaan kyk na boksers en hul loopbane.

Die aankondiging is deur elke boksliefhebber verwelkom. Baie mense in Suid-Afrika wil boks verbied hê.

As die sport wil voortbestaan moet hy behoorlik beheer moet word en daar sal vergeet moet word van die rande wat kan inrol as gemiddelde boksers die kans kry om teen wêreldkampioene te boks.

Die geveg tussen Iran Barclay en Duran dié naweek was 'n voorbeeld van hoe boks lyk wanneer wêreldgehalte boksers mekaar aandurf.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# Musson terug al is klub oorhoeks

**Dennis Morris**

DIE veteraan-openingskolwer van die Westelike Provinsie Krieketraad (WPKR), Rashaad Musson, is teruggeroep om diens te doen in hul Howabeker-wedstryd aanstaande naweek teen Transvaal in Lenasia buite Johannesburg.

Sy insluiting kom in 'n stadium wat sy klub oorhoeks is met die WPKR. Party van die klubs is omgekrap omdat United se president, Sadick Emeran, wie ook die president van die WPKR is, sy klub toegelaat het om twee wedstryde te verbeur.

Die klub het die besluit geneem nadat vier van hul lede, Shukri Conrad, Nasser Kemp, Ashraf Burns en Mogamat Galant, tot die einde van die seisoen deur die Raad se tugkomitee geskors is.

Die skorsings van die eerste drie spruit uit voorvalle in 'n klubwedstryd teen Montrose, terwyl Galant geskors is weens beweerde wangedrag tydens die tugvergadering.

United gaan teen die skorsings appelleer, het 'n woordvoerder gesê.

"Die rede waarom ons die Premier-liga wedstryde gemis het, was omdat ons so laat van ons spelers se skorsing in kennis gestel is."

United het reeds hul spanne die Woensdagaand gekies en is eers Vrydag van die skorsing in kennis gestel. "Dit was te laat om ons spanne te herorganiseer. Dus, in plaas daarvan om ons ander spanne te ontwrig, het ons besluit om eerder die wedstryde te mis."

Klubs wil hê koppe moet rol en daarom is dit hoogs onwaarskynlik dat Emeran, wat Hassan Howa as president vervang het, volgende seisoen weer die voorste gestoelte sal inneem.

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 3 Maart 1989

## The Human Rainbow
### CONCERT IN THE PARK

## Nee vir 'n reënboog!

**Die Rainbow-konsertsage het verlede week teleurstellend ten einde geloop vir duisende musiekliefhebbers. Die stryd duur egter voort vir die organiseerders wat voortgaan met 'n appèl - anders is alle opelugkonserte voortaan taboe - 3**



**Joan Cusack - Working Girl word 'n ster - 5**



**Sipho "Hotstix" Mabuse en Miriam Makeba maak saam 'n plaat - 3**

**Nina Romm: 'Happenings' in 'n nuwe gewaad - 4**



**Kan liefde vir diere oordryf word? Gorillas in the Mist vra dié vraag nie - 5**

**Eietydse dansgeselskap bied alternatief vir Sun City - 3**

**Albert Munyai - As swartgalligheid kreatief word - 9**

**Nuwe maandelikse rubriek oor wêreldskrywers — 6**

# Nina Romm: nog 'n moderne mitoloog

Chris du Plessis

NINA ROMM is 'n kunstenaar. Sy sê sulke goed soos: "Mense moet die innerlike geografie en/of argeologie van hulself ondersoek - dit skakel met die simboliese en argetipiese self".

Die energie wat nodig is om die betekenis daarin te sien, ontbreek. Ek het 'n laatnag gehad. "Nee wat, dit klink vir my maar na mumbo-jumbo," is al wat ek kan aanbied.

Nina het genoeg chutzpah om uit te bars van die lag. Dit werk. Daar is ewe skielik genoeg malligheid teenwoordig om kalm te raak. Om meer te wete te kom oor die uitstalling.

Dit open op 6 Maart en duur tot 28 Maart by die SA Kunsvereniging (Noord Transvaal-tak). Dié verwisseling van amptelike data veroorsaak dat ons weer oor kuns moet begin praat. Dié verantwoordelikheid word met moeë waardigheid aanvaar.

Blykbaar is die uitstalling deel van Nina se drang om "kreatiwiteit na die pad van self-ontdekking te vind". Back to square one. Wat is self-ontdekking! En hoe betaal dit die huur?

Sy vind die vraag belaglik genoeg om weer uit te bars van die lag en normaliteit keer terug.

Die werk sal basies uit "fresh, witty, celebratory self-portraits" bestaan. Plus prawns.

Sy sien die V wat tussen my wenkbroue vorm en sê: "Skryf enigiets wat jy wil. Maar daar is voëltjies en prawns. En nunchas."

Prawns? NUNCHAS?

"Jaaa," sê sy.

'n Nuncha is blykbaar 'n draak/hond/vis-affêre.

Sy doen ook Homonchulai (die meervoud van 'n Homonchulis) sê sy. Dan sien sy ek is besig om mal te word en begin soek na 'n pen en stuk papier om dit visueel te verduidelik. "Dit is 'n mitologiese half-mens," sê Nina terwyl sy 'n replika van Mr. Magoo met 'n vark se snoet skets.



Selfportret met 'n verskil: Romm teken op haarself

Die skets versprei oor die hele vel papier. 'n Kitskos-nabootsing van een van haar werke wat op die uitstalling gaan wees. "Hierdie een se naam is eintlik Birth of Venus," sê Nina.

"Oorspronklik," uiter ek onwillekeurig. "Ja," sê Nina, "op 'n manier is dit satiries."

Ek kan nie wen nie.

Nina is nogal bekend. Ná haar MA by Michaelis het sy 10 jaar by Unisa klas gegee en sedertdien in die buiteland en plaaslik uitstallings gehou. Tydens 'n besoek aan Amerika in 1984 het sy 'n reeks werkwinkels in San Francisco bygewoon wat 'n groot invloed op haar werk gehad het en tot vandag toe nog het.

Die konsep om deur suiwer kreatiwiteit (beweging, kuns, musiek, skryfkuns resenseer) jouself te "ontwikkel" het haar soos 'n bosluis beetgepak en bly sit.

Daarom bestaan 'n groot aantal van haar werke uit selfportrette. Die meeste van die selfportrette lyk nes sy. Met skrapse elemente van Parys (Frankryk) circa 1920 hier en daar bygevoeg. Nina in 'n boudoir.

Sy het ook al sowat vier Performance Art-vertonings (of is dit "happenings"?) op die planke gebring. Vertonings met titels soos: Zen, Bananas and Rum. En With a Dab of Ylang-Ylang. Tydens 'n ander, 87 Posed Bods, het sy piesangs aan die gehoor uitgedeel...

(Die sestigerjare was vol ernstige grappies. En ons gaan nog vir jare met die gevolge sit.)

Sy bied ook werkswinkels aan. Die volgende een is so teen die middel van April. Enigiemand wat wil kan hom/haarself by Nina se werkswinkel gaan ontwikkel. En op 15 Maart sal sy om 10:30 die oggend by die galery waar sy uitstal 'n toespraak lewer oor kreatiwiteit in die Suid-Afrikaanse konteks.

Haar basiese kuns/lewensbeginsel is dat alles uit die mens self moet kom. Voordat jy jouself en jou potensiaal nie ten volle ontwikkel het nie, kan jy nie 'n positiewe bydrae tot die wêreld lewer nie...

"Basically I'm an environ-MENTALIST," sê sy.

"Ek het 'n vakansie nodig," sê ek.



Nina Romm by een van haar werke in gemengde media, getitel My Fiancée

## Stephan Bouwer is Die Kyker

# 'Winnie nerveus toe ik om een Lucifer vra'

BEATRIX BROEKHUIZEN, my penvriendin uit Holland wat in dié dae by my kuier, het nou behoorlik die reuk van die drukkersink gekry.


Ná haar TV-"impressies" voorverlede week in dié rubriek verskyn het, beskou sy haarself as 'n "rapporteur". Dit is nogal openbarend om te sien hoe dié Hollandse papie in 'n verbete media-vlinder verander het!

Sy is van voorneme om na haar terugkeer Urk toe 'n nuwe "carriére te maak": sy is in elk geval "hartelijk zat" daarvan om agter die toonbank van 'n kaaswinkel te werk.

As die meetsnoer vir haar in lieflike plekke val, gaan sy voortaan by die "Urker Nieuws" werk - so 'n Caxton-agtige koerantjie, as ek haar reg verstaan. Haar eerste scoop is reeds Holland toe gestuur, maar dit kan nog dae duur voor dit daar aankom, want die pos gaan glo met 'n roeiboot van Enkhuizen na Urk.

Intussen het sy ingestem om vir Vrye Weekblad glimpse te gee van haar scoop:

Godverdorie, wat een weekend! Vorige Donderdagavond toen ik, vanwege het regenweer, mijn gastheer bij z'n tuiskomst op warme poffertjies met slagroom verraste - zat ek naar het nette Netwerk te kijken, heeltemal gecharmeerd door de innigheid en intellectuele bezorgdheid van de heer Cliff Saunders.



(Cliff, tezame met minister Pik en de heer Terre'Blanche, staat nu ook absoluut, maar absoluut op mijn lijstje van politieke knullen.)

En toe zag ik, voor't eerst, dat het programma eigenlijk over Mw Winnie Mandela ging. En meteen was er RAPPORT! Ik heb namenlijk ook een volrond postuur (mijn gastheer heeft natuurlijk al spottend gezegdt dat ik "child-bearing" hips heb - die rotzak met z'n grote bek!) en toen begreep ik pas waarom Mw Mandela "moeder" heet.

Maar vooral voelde ik grote bewondering voor haar voorkeur zich etnisch te kleden. (Ik draag ook, am Liebsten, de etnische Urker-costuum.)

De dag daarop belde ik de PR van een nationaal-demokratische organisatie en kreeg van hem het telefoonnummer van de echtgenote van een nationale leider die verbannen/dood/in de bajes - weet ik veel - is.

Pompie Nongena, de left-wing van een hockey-ploeg, nam op en zei dat haar madame geen kostbare tijd met "Dutch people" verknoeit. Toen ik haar verzekerde dat ik wel "Dutch" ben, maar wel een echt Dutch journalist uit de Lage Landen, werd een interview mij vergund.

En hoe Hollands-vriendelijk bleek mijn interviewee toen te zijn! Maar allereerst iets over mijn aankomst in de township. Een blank-vriendelijke minibus-taxi (éZola, te gek!) bracht mij veilig naar haar woonplaats.

Op het trottoir stond een Mercedes, zonder Michelins. Een beetje ongewoon, vond ik dat. In de woonkamer veel drukte van de hockey-meiden die goals aan het oefen waren.

Mijn gastvrou/interviewee arriveerde en de sportploeg - met uitzondering van de goalkeeper en left-wing - spatten uit elkaar. Ik kreeg een etnisch biertje, "Magu", uit een melkkartonnetje aangeboden. (Smaak: helaas een beetje Vlaamsch/Belgisch - en niet zo superieur als Amstel.)

Ik en mijn gastvrouw schoten heel goed op. Wij kletsten maar door over kledij en nogmaals kledij. Zij vertelde mij dat zij het materiaal (bij voorkeur zwart, goud en groen) bij Oostersch Plaza, Johannesburg, koopt en dan per courier na Maison Ethnique in Nigeria verstuurt waar Monsieur Tsotsi Mthombeni, ex-patriaat en ex-student van Yves St Laurent, zich aan de haute couture wijdt.

En dan, vooruit! met Zambisch kralenwerk als hoofbedekking en ceintuur.

Voor bijzondere occaties, zoals de inaugurale preken van imminente kerkleiders, vertrouwt zij - zoals de echtgenoten van parlementaire ministers - alleen maar op het modenhuis van de humoristische transvestiet, Percy Pretorius.

Aach, wat kletsten wij toch heerlijk! Zij bleek wel een beetje nerveus te kijken toen ik om een Lucifer ("vuurhoutjie" - zoals het in ZA heet) vroeg om mijn shagje aan te steken - maar dat zou wel gekomen zijn door de aanwezigheid van een enorme ontsteker in de vorm van Robert Kennedy's hoofd op de tafel.

Overigens, een hartstikke leuke middag! Toen zij mij, beim Abschied, op het trottoir omhelsde, verruilden wij onze hooftooiselen.

Ik gaf haar mijn geliefde Dutch cap van Brussels kant, en ontving als tegenprestatie haar wrongen van kralenwerk.

Wat een gezellige meid!

# Joan Cusack: van Working Girl tot waardige ster

**Ewe skielik sien mens Joan Cusack se gesig oral op die silwerdoek. En hoewel meestal in "minderwaardige" rolle teenoor meer bekende vroue-sterre, is daar iets in haar spel wat uitstaan en selfs op tye oorheers. Sy is onlangs finaal die hoofstroom ingeslinger met haar hoofrol teenoor Daniël Day Lewis (Unbearable Lightness of Being) in Stars and Bars wat binnekort uitgetrek word. Maar tot dan sal gehore self moet besluit hoe sy vaar in Working Girl waarin sy saam met Melanie Griffith en Sigourney Weaver optree. Working Girl begin vandag by Ster Kinekor-teaters draai. ANDREA VINASSA het so bietjie in haar agtergrond gaan rondkrap.**

DAAR is niks in Joan Cusack se lewe wat haar onderskei van tientalle ander karakter-aktrises wat "sekondêre rolle" speel teenoor sterre nie, behalwe dat sy 'n groot mislukking was op Saturday Night Live, die komedie-program wat grapjasse soos John Belushi (die oorledene broer van James), Dan Akroyd en Eddie Murphy aan Amerika bekend gestel het.

Tog is dit as komediant wat Cusack uitblink. Sy het 'n gaping tussen haar voortande, praat of sy 'n mond vol kougom het en maak vir die afgelope paar jaar 'n groot indruk met haar veelsydige spel in baie nie-te-groot rolle. Sy het onlangs die geleentheid om haar eerste hoofrol te speel prysgegee - in Steel Magnolias teenoor Dolly Parton en Shirley MacLaine - om in 'n Off-Broadway-toneelstuk te speel.

Sy kry ook die prys vir die aktrise met die lelikste en uiteenlopendste haarstyle op die silwerdoek.

Verlede jaar het sy die kalklig by William Hurt gesteel as die waansinnige vervaardiger by 'n netwerknuusburo en vanjaar lyk Michelle Pfeiffer maar vaal in die tonele waar hulle saam verskyn in Married To The Mob. Hulle speel twee Mafia-huisvroue.

Sy pronk van vandag af op die silwerdoek as Melanie Griffith se beste vriendin in Working Girl. Working Girl is 'n soort Wall Street vir meisies waarin Griffith se sekretaresse-karakter besluit sy wil 'n kantoor en 'n sekretaresse van haar eie hê.

Cusack ding in dié gestileerde "rags to riches" verhaal mee met Griffith en Sigourney Weaver wat albei sit met Oscar-benoemings vir hul werk... en sy is beslis nie die Aspoestertjie van die susterskap nie.

Mens onthou haar. Baie soos 'n onbekende Mickey Rourke se kort "cameo" in Body Heat destyds uitgestaan het en volgens baie Europese kultus-kritici amper Willaim Hurt en Katleen Turner se vertonings oorheers het.

Binnekort speel sy haar eerste romantiese rol... teenoor 'n bedremmelde, maar briljante Daniel Day-Lewis in Stars And Bars, 'n off-beat-komedie waarin 'n Engelsman in die suide van Amerika sy lyf kunshandelaar hou.

Cusack is in New York gebore en het grootgeword in Chicago. Haar kleinboet John het die imposante hoofrol vertolk in The Sure Thing. Háar ouer suster is 'n sangeres en nog 'n broer was 'n komediant.

Sy het op agt jaar begin toneelspeel. Mense het haar die "nuwe Charlie Chaplin" genoem.

Haar debuutrol op die silwerdoek was in My Bodyguard. Daarna het sy in Class, Grandview USA en Sixteen Candles gespeel.

Na sy 'n graad in Engels aan die Universiteit van Wisconsin behaal het, het sy aangesluit by die rampspoedige Saturday Night Live. Dit was 1985.

Verlede jaar het resensente woorde soos "hartverskeurend" gebruik om haar spel in Road - die Off-Broadway-stuk - te beskryf.

Haar jongste rolprent is Men Don't Leave met Jessica Lange.

Haat dit of aanvaar dit, Joan is wat Amerikaners "'n sukses" noem en sy is sekerlik hier om te bly.



Joan Cusack



Weaver en een van die objekte van haar obsessie

# Liefde vir ape amper onmenslik

**Gorillas in the Mist. Met Sigourney Weaver en Bryan (G'day) Brown. Regie deur Michael Apted. Nou by Metro-bioskope. Resensie deur CHRIS DU PLESSIS**

GORILLAS in the Mist is gegrond op die ware verhaal van ene Dian Fossey (vertolk deur Sigourney Weaver), die Amerikaanse amateur-antropoloog wat 20 jaar saam met die berggorillas in Rwanda deurgebring het.

Ongelukkig het dit nie veel vir haar verhouding met mense gedoen nie. Daar word duidelik gewys hoe haar fanatiese "liefde" vir die diere (min mense waag dit selfs na haar dood om hulle ape te noem) haar verhouding met die National Geographic-fotograaf (gespeel deur Bryan Brown) oorskadu en stadig versmoor.

Fanaties is nog 'n ligte beskrywing. Fossey word getoonbeeld as iemand wie se verhouding met die ape (ooops sorry!) net duskant bestialiteit omdraai.

(Dié onderliggende seksuele afwyking word deur die vervaardigers afgewater met 'n sentimentele sagtefokus-toneel waarin sy hande vashou met die groot Silverback. "Seks" is mos okay as mense (?) lief is vir mekaar.)

Die plaaslike bergstamme word omgekoop deur die "owerhede" in die dorp wat om die beurt deur die rykes in Amerika en Europa omgekoop word om die gorillas te slag sodat die diere se pote as asbakkies gebruik kan word.

Die stelling wat dit maak oor die smaak van ryk Amerikaners en Europeërs (gorillapoot-asbakkies - sheeesh!), word verdwerg deur Fossey se optrede teenoor die omgekoopte inboorlinge.

Sy vermom haar as 'n heks en intimideer 'n klein seuntjie dat hy seker vir die volgende nege jaar daarna met blaasprobleme gesukkel het, maak asof sy een van die stamleiers gaan hang en sny op die laaste minuut die tou af, tree soos 'n diktator op teenoor jong antropoloë wat haar kamp kom besoek, begin die diere "my gorillas" noem en brand die inboorlinge se hutte af...

(Daar is seker dié wat sal dink sy was nie mal nie - maar hulle is seker mal).

## Waansin

Haar verval in waansin is geleidelik. Haar minnaar tref haar oorspronklik aan waar sy hande-viervoet rondspring en onderaardse geluide maak, maar dit kan alles nog in die naam van "wetenskap" regverdig word.

Haar toewyding word nietemin uiteindelik beloon met die koms van 'n geheimsinnige figuur wat haar kop met 'n panga afkap. Op Kersaand, waar sy met foto's van gorillas styf teen haar bors vasgedruk aan die slaap geraak het.

Ons leer deurentyd (dis 'n langerige fliek) hoegenaamd niks van wat sy in die twintig jaar tussen die gorillas omtrent dié diere uitgevind het nie. Behalwe miskien dat hulle jou mal maak as jy op hulle verlief raak.

Al wat ontstellend beklemtoon word, is die oënskynlike gaping tussen sogenaamde Derde- en Eerste Wêreldse waardes.

Pluspunte: redelike goeie kinematografie en die feit dat die afgryslikheid van diere-mishandeling wel belig word.

**Carmen Maura (regs) en Maria Barranco in Mujeres - Women On The Verge Of A Nervous Breakdown waarin werkende meisies weer opnuut uitvaar teen die onregverdigheid van 'n wêreld wat deur mans gedomineer word. Spanjaard Pedro Almodovar sorg vir die oorspronklikste en verfrissendste rolprent wat 'n mens in 'n lang tyd gesien het. Women On The Edge Of A Nervous Breakdown is 'n hartstogtelike studie van romantiese verraad soos net 'n Spanjaard dit kan vertolk. Almodovar is dol vir liefdes-intriges... die storie kronkel waansinnig deur die lewens van vier of wat vroue wie se mans hulle op die een of die ander manier bedrieg en hul oorwinning oor smart. Die regisseur, wat ook die draaiboek geskryf het, is 'n seksis met die kop van 'n chauvinis en die hart van 'n feminis. Mujeres open vanaand by Ster Kinekor-teaters.**



# Springlewendige Haasbroek ook nou gekéúr

**Voornagvlug deur PJ Haasbroek. Human en Rousseau. R24.95. Resensie deur ENA JANSEN**

SOMS wil uitgewers paai, troos en terugwen - altans dit is 'n gedagte wat by jou opkom wanneer "'n keur uit die verhale van PJ Haasbroek" as 'n nogal onverwagse verskyning ervaar word. Veral as 'n klein debakel rondom Haasbroek se laasgepubliseerde bundel in 1982 se flapteks in herinnering geroep word en jy in ag neem dat sy roman Die jaar nul in 1986 toe by HAUM-literêr verskyn het.

Hoe dit ook sy, Haasbroek is nou gekéúr - 'n uitsonderlike eer wat 'n mens meestal verbind met gestorwe en geroemde skrywers soos Van Melle. (Toegegee - ook Aucamp.)

In een wit hardebandboek is meer as dertig Haasbroek-stories op 213 bladsye bymekaar. Om wat mee te doen? vra jy jou as tog wel belangstellende leser van die Afrikaanse letterkunde af. Die werklike ware Haasbroek-aanhanger, sou jy dink, kan die enkelbundels tog nog êrens in die hande kry. En vir die gewone kortverhaalleser is die vyf stories opgeneem in De Vries se Die Afrikaanse kortverhaalboek òf genoeg òf stimulans genoeg om op soek te gaan na Heupvuur (1974), Roofvis (1975), Skrikbewind (1976) en Verby die vlakte (1982).

Let wel: ek roer uitgewers-motivering vir dié bundel nie aan omdat ek gekant is teen die makliker beskikbaarstelling van soveel goeie stories nie. Eerder omdat ander tekste (byvoorbeeld belangrike kritiese opstelle) so selde hoegenaamd beskikbaar gestel word.

Wie presies gekeur het aan die stories, is nie heeltemal duidelik nie. Ek neem aan die nog springlewendige Haasbroek self. Abraham H de Vries skryf 'n deeglik en lowende klein inleiding. As jy hom en sy seleksie uit resensies oor Haasbroek se werk moet glo, bestryk hierdie verhale so ongeveer alles wat nog in dié genre in Afrikaans geskryf is: van Pulvermacher tot byvoorbeeld 'n jong "grens"-debutant soos Kellerman se stories.

De Sade, Kleist, Hugo, Hemingway, Goethe, Byron, die surrealisme, die ekspressionisme, die romansque, die sentiment, die emosie, die geweld, die bowestruktuur, die irrasionele, die demoniese, die erotiek, die sosiale kommentaar, die Afrika - alles word bygehaal om dié keur te beskryf.

Die tematiek is op die oog af redelik beperk: seuns op rugbytoere, mans op visvang-, jag en grenstogte wat veral in die heup en die vuur, die skrik en die bewind geïnteresseerd is. Aan die een kant is eenselwigheid wel 'n geheelindruk by die deurlees van Voornagvlug, maar binne die geheel onthou ek talle hoogtepunte wat tog heel uiteenlopend is.

Van die sterkste stories is steeds die gebloemleesde "Aardrykskundeles" en "Anatomieles", "Die sokkerkas" en "In die Hoëveld waar dit oop is". Een van die aangrypendste vir my is "Twoseater".

Verhale wat ongeveer oor dieselfde tipe gegewe gaan (een meisie en 'n paar mans tydens 'n visvangnaweek, seksuele inisiasie tydens 'n rugbytoer) kom voor in Haasbroek se vroeë en later werke. En dan is dit in so 'n bundel waar die stories maklik vergelykbaar is, tog baie interessant om te sien hoe Haasbroek se styl gestroopter geraak het en hy daarmee 'n baie beter storie lewer. Vergelyk byvoorbeeld "Ouboeta" (bl 48 uit 1974) met "Wind" (bl 200 uit 1982) en "Bruin hings" (bl 101 uit 1975) met "Wintermens" (bl 181 uit 1982).

Volgens De Vries is baie van die vroeë verhale wel herskryf met die oog op Haasbroek se "nuk tot sierskrywery" wat baie resensente in die verlede hinderlik gevind het.

Steeds is daar baie sulke hinderlikhede: formulerings wat so oordrewe en woordryk is dat jy eintlik sukkel om te "lees maarr wat er staat". Deels het dit te make met beskrywings wat myns insiens te veel "uit karakter" en te "in Haasbroek" is. Vergelyk die meisie in "Die teaser" (bl 24) se gedagtes: "Sy verbeel die sagte glooiing van dye en die wegval en afstroop van swemkostuums in die kleedkamer in hulle oë en die bloederige woeling in die grys kartels van hul breine wat seine wegpols na hulle duime en die pers van die heupe teen die seil" (bl 25). Te veel van dié soort onwaarskynlike gedagtes maak die tekste soms lomp en ondeurgrondlik.

Nadat jy amper gewoond begin raak aan beskrywings soos "Die kosyn glip oor sy skouers. Die kamer gly terug agter hom; skenk aan hom die lewe" (bl 32), "Buite... bulk die donker soos 'n bees" (bl 50) en "Die stof kronkel soos 'n slang onder die wiele op en lê stuiptrekkend oor die wit gras. In die lae halslyn van die koue rante wys die rooi tepel van die son" (bl 102), is understatement 'n absolute verademing. En is dit veel sterker.

Vergelyk hierdie beskrywing van die sinistêre korporaal Verster in "Die hinderlaag": Hy loop soos 'n oom, met lang treë en rustige oë" (bl 74). Die ingehoue onheil vervat in dié sin, is tog net soveel beter as "Die son steek vinnig 'n laaste kanonloop lig deur deur die lae reënwolke in die oorkantse hang" (bl 73).

# Canetti: kenner van fascisme en Kafka

**Elias Canetti is eerste aan die beurt in ons nuwe maandelikse rubriek oor internasionale skrywers en hul werk. Deur MARTIN STEGMAN, skuilnaam van 'n bekende digter en joernalis**

SY ma het geglo hy is op 'n dwaalweg wanneer Canetti met haar oor natuurgeskiedenis begin praat het. "Jy is al weer besig met die stamgeskiedenis van spinasie," het sy altyd gesê.

Sy wou 'n aktrise wees. Elke aand het sy haar knieë onder haar ingevou op haar gunsteling stoel en Strindberg gelees. Tussendeur het sy lang gesprekke gevoer met haar oorlede man. Hy is aan 'n beroerte dood toe sy 27 was. Duits was hulle liefdestaal waarin hulle gepraat het as die kinders nie moes hoor nie.


Duits het vir Canetti die taal van sy liefde geword. Sy ma het hom gelei op 'n ontdekkingstog deur die wêreldletterkunde. Wat sy van hom wou maak, is nie duidelik nie. Wat hy geword het, is waarskynlik een van die mees belese en dinamiese skrywers van die eeu.

Elias Canetti is in 1905 in Bulgarye gebore. Sy familie is 'n aardige vermenging van uiteenlopende kulture. Hy is eintlik 'n Bulgaarse Jood, maar daar is ook Spaanse aristokrasie en Turkse adelikheid in sy stamgeskiedenis.

Hy is 'n wêreldburger danksy sy pa. Dié het op 'n dag weggebreek uit die familie van sakemanne en Engeland toe getrek met sy gesin. Die oupa het op daardie dag sy klere geskeur en sy seun 'n ortodokse Joodse vloek opgelê. Na 'n jaar in Manchester is Elias se pa dood.

Mevrou Canetti het met haar kinders deur Europa geswerf - Switserland, Duitsland en Oostenryk. Canetti het in tale leer praat: op 16-jarige ouderdom kon hy al vlot lees in Duits, Bulgaars, Engels, Frans en Spaans.

Canetti se lewenstaak was Crowds and Power, waaraan hy byna twee dekades gewerk het. Dit is 'n sosiologiese studie van mag en oorheersing. Daarom dalk dat mense alte maklik besluit sy enigste roman, Auto da Fe, is 'n



Elias Canetti

"profetiese studie van fascisme".

Auto da Fe is die verhaal van Peter Kien, 'n Duitse akademikus wat tussen die twee wêreldoorloë in 'n reuse private biblioteek navorsing doen oor antieke Chinese geskrifte. Die boek beskryf sy ondergang, wat begin wanneer hy 'n ongeletterde huishoudster in diens neem om sy kosbare boeke af te stof. Hy trou met Therese omdat sy mooi werk met die boeke. Sy trou met hom omdat sy glo hy steek iewers tussen die boeke geld weg.

Kien beland in die onderwêreld van hebsug en bedrieëry. Hy word aan die neus gelei deur 'n gierige skaak-spelende dwerg, wat geld soek om Amerika toe te gaan.

Wanneer Kien na talle ontberings weer tuis kom, praat sy neerbuigende broer - 'n psigiater - hom 'n gat in die kop. Kien raak die kluts kwyt.

Die gebruiklike prikkelaars beskryf die boek as "wreed, snaaks, geheimsinnig, vreesaanjaend". Baie snaaks is dit beslis. Enige lewe is snaaks as 'n mens dit leer ken, maar dit word ontstellend wanneer jy dit nóg beter leer ken, sê Canetti.

Auto da Fe is 'n boek wat 'n mens 'n paar keer wil lees, omdat dit onmoontlik is om gou te besluit wat dit alles te sê het.

Daar is leidrade in Canetti se baie mooi tweeledige outobiografie, The Tongue Set Free en The Torch In My Ear. Maar in sy voorwoord tot The Human Province, 'n boek van aantekeninge wat hy gemaak het tydens die skryf van Crowds and Power, staan dié betekenisvolle opmerking: "Many men have tried to grasp their lives in the full spiritual en intellectual context, and those who have succeeded will never grow old. I wish that some men would also record the leaps in their lives. It seems that the leaps belong to all people; anyone can easily take whatever pertains to oneself. The loss of a superficial unity, inevitable in such an enterprise, cannot be regretted, for the true unity of life is secret, and it is most effective when it unintentionally conceals itself."

Sy gedagte oor spronge kom waarskynlik uit sy groot bewondering vir Kafka, van wie se werk hy 'n voorste kenner is. Die opstel Kafka's Other Trial, wat handel oor Kafka se beroemde briewe aan Felice, is 'n verstommende "handboek".

Dit maak Kafka toegankliker, maar dit verklap ook baie oor Canetti.

Wanneer hy verduidelik hoekom hy so baie tyd bestee het aan vyf jaar se briewe, sê Canetti eintlik ook waarom hy 'n stuk of 400 bladsye geskryf het oor die lewe en ondergang van 'n onaptytlike boekwurm soos Kien. "Man considers himself the measure of all things, but he is still almost unknown. His progress in self-knowledge is minimal; every new theory obscures more of him than it illuminates. Only unimpeded concrete inquiry into particular human beings makes gradual advance possible."

Daarom is dit 'n gelukskoot, sê Canetti, wanneer jy op 'n mens afkom wat soos Kafka volledig opplê vir die verwerwing van kennis.

Daar is baie van Kafka as mens in Canetti se Kien. In een van sy briewe sê Kafka die twee sterkste emosies in sy lewe is vrees en onverskilligheid. Dit verg moed om só daaroor te dink sê Canetti, maar die twee algemeenste emosies van hierdie eeu is juis dít: vrees en onverskilligheid.

Auto da Fe is dalk 'n studie van fascisme, dit is egter ook 'n protesskrif teen vrees - wat die teelaarde is vir oorheersing - en onverskilligheid, wat lei tot die wêreld van vervreemding en vervreemdes wat in Kafka se werk onthul word.

Canetti se ander werk: The Conscience of Words is 'n bundel essays waarin hy hoofsaaklik skryf oor mense en boeke wat hom sterk beïnvloed het. Dit is in een bundel beskikbaar saam met Earwitness, wat bestaan uit vyftig karaktersketse waarin Canetti sy meesterskap as satirikus bewys.

## Kleurryk

The Human Province is 'n boek van aantekeninge wat hy gemaak het terwyl hy aan Crowds and Power gewerk het. Dan is daar die outobiografie in twee dele, The Tongue Set Free en The Torch In My Ear. Die twee werke is al interessant genoeg danksy Canetti se kleurryke jeugjare.

Verder lei Canetti jou van baken tot baken in sy vorming, wat 'n mens van nuwe gereedskap voorsien om Auto da Fe van voor af te pak. The Voices of Marrakesh is 'n reisverhaal oor 'n besoek aan Marokko, maar dit is soos Crowds and Power moeilik om in die hande te kry. Laasgenoemde is glo uit druk.

Wat Canetti van Kafka gesê het, is van homself ook waar: dit is ons gelukskoot dat die lewe van só 'n grootse denker opplê vir die verwerwing van kennis.

Canetti het in 1982 die Nobelprys ontvang.

